voet onderskeidelik noordwaarts en suidwaarts uitstrek vanaf die middellyn van die baaipoel te Ifafa geleë teenoor onderverdeling A van 1 van B van die plaas Pierre D'Or No. 6517, county Alexandra, Provinsie Natal.

2. 'n Uitdrukking waaraan daar in die Strandwet, 1935, en in die Algemene Strandregulasies, wat in gemelde Goewermentskennisgewing No. R. 168 van 2 Februarie 1962 gepubliseer is, 'n betekenis geheg is, het dieselfde betekenis waar dit in hierdie kennisgewing gebruik word.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 996.] [5 Julie 1963.

LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA.

PERSONEELREGULASIES.

Vir algemene inligting word hiermee bekendgemaak dat dit die Staatspresident, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege-en-sestig* (1) van die Landbankwet, 1944 (Wet No. 13 van 1944), en soos aanbeveel deur die Raad van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, behaag het om in te stem met die ondervermelde wysigings tot die regulasies betreffende die regte, voorregte en pligte van die personeel van daardie bank.

P. R. PRETORIUS,
Besturende Direkteur, Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

Pretoria.

LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA.

PERSONEELREGULASIES.

1. Regulasie 1 van Hoofstuk I word gewysig—

(*a*) deur die woordbepaling van „ kind " te skrap en te vervang deur die volgende woordbepaling:—

„ ,kind', maar nie 'n ,kwalifiserende kind' nie, 'n seun of 'n dogter, ook—

(*a*) 'n nakind,
(*b*) 'n stiefkind, en
(*c*) 'n aangenome kind, by bewys van aanneming tot bevrediging van die Raad:

Met dien verstande dat 'n kind soos hierin bepaal, by die toepassing van Hoofstuk VIII, die kind van 'n amptenaar of pensioentrekker of spesiale pensioentrekker sal wees;";

(*b*) deur die volgende woordbepaling na die woordbepaling van „ kind " in te voeg:—

„ ,kwalifiserende kind', die kind van 'n lid of pensioentrekker en ook 'n nakind, stiefkind, en aangenome kind by bewys van aanneming tot bevrediging van die Raad: Met dien verstande dat die kind—

(*a*) ongetroud en onder die ouderdom van 18 jaar is; en
(*b*) in die geval van die kind van 'n pensioentrekker, 'n kwalifiserende kind was by uitdienstreding van die pensioentrekker of gebore is uit 'n huwelik wat ten tyde van sy uitdienstreding bestaan het;";

(*c*) deur die woordbepaling van „ weduwee " te skrap en die volgende woordbepaling na die woordbepaling van „ kwalifiserende kind " in te voeg:—

„ ,kwalifiserende weduwee', by die toepassing van Hoofstuk IV—

(*a*) die weduwee van 'n oorlede lid; of
(*b*) die weduwee van 'n oorlede pensioentrekker of spesiale pensioentrekker indien sy met hom getroud was toe hy met pensioen uit diens getree het;";

northwards and southwards respectively from the centre line of the bathing pool at Ifafa situate opposite subdivision A of 1 of B of the farm Pierre D'Or, No. 6517, County of Alexandra, Province of Natal.

2. Any term to which a meaning has been assigned in the Sea-shore Act, 1935, and in the General Sea-shore Regulations published in Government Notice No. R. 168, dated 2nd February, 1962, shall, when used in this notice, bear the same meaning.

## DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 996.] [5 July 1963.

LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH AFRICA.

STAFF REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that the State President, under the powers vested in him by section *sixty-nine* (1) of the Land Bank Act, 1944 (Act No. 13 of 1944), has been pleased to approve, upon recommendation of the Board of the Land and Agricultural Bank of South Africa, of the following amendments to the regulations governing the rights, privileges and duties of the staff of that bank.

P. R. PRETORIUS,
Managing Director, Land and Agricultural Bank of South Africa.

Pretoria.

LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH AFRICA.

STAFF REGULATIONS.

1. Regulation 1 of Chapter I is amended—

(*a*) by the deletion of the definition of " child " and the substitution therefor of the following definition:—

" 'child', other than 'eligible child', shall mean a son or daughter and shall include—

(*a*) a posthumous child,
(*b*) a step-child, and
(*c*) an adopted child, on proof of adoption to the satisfaction of the Board:

Provided that a child as herein defined shall, for the purpose of Chapter VIII, be the child of an official or pensioner or special pensioner; ";

(*b*) by the insertion of the following definition after the definition of " dependant ":—

" 'eligible child' shall mean the child of a member or pensioner, and includes a posthumous child, a step-child and an adopted child, on proof of adoption to the satisfaction of the Board: Provided that the child—

(*a*) is not married and is under the age of 18 years; and
(*b*) in the case of the child of a pensioner, was an eligible child when the pensioner retired or was born of a marriage subsisting when he retired; ";

(*c*) by the deletion of the definition of " widow " and the insertion of the following definition after the definition of " eligible child ":—

" 'eligible widow' shall, for the purpose of Chapter IV, mean—

(*a*) the widow of a deceased member; or
(*b*) the widow of a deceased pensioner or special pensioner if she was married to him when he retired on pension; ";

(*d*) deur die woordbepaling van „pensioenleeftyd" te skrap en te vervang deur die volgende woordbepaling:—

„, pensioenleeftyd', by die toepassing van Hoofstuk IV—

(*a*) met betreking tot lede wat gebruik gemaak het van die keuse wat kragtens artikel 5 van die regulasies vervat in Goewermentskennisgewing No. 2862 van 17 November 1950 aan hulle vergun was, sestig jaar in die geval van manlike lede en vyf-en-vyftig jaar in die geval van vroulike lede; of

(*b*) met betrekking tot ander lede as dié vermeld in paragraaf (*a*) hierbo, vyf-en-sestig jaar in die geval van manlike lede en sestig jaar in die geval van vroulike lede;";

(*e*) deur die woordbepaling van „pensioentrekker" te skrap en te vervang deur die volgende woordbepaling:—

„, pensioentrekker', maar nie 'n spesiale pensioentrekker nie, 'n voormalige lid van die Fonds wat 'n pensioen ontvang uit die Fonds: Met dien verstande dat by die toepassing van Hoofstuk VIII, die volgende persone ook as pensioentrekkers beskou word—

(*a*) spesiale pensioentrekkers, soos in hierdie regulasie bepaal;

(*b*) 'n weduwee en/of 'n kind wat 'n pensioen ontvang uit die Fonds;

(*c*) die weduwee van 'n oorlede pensioentrekker, wat insluit die weduwee van 'n oorlede spesiale pensioentrekker genoem in paragraaf (*a*) hierbo;"; en

(*f*) deur die woordbepaling van „spesiale lid" te skrap en te vervang deur die volgende woordbepaling:—

„, spesiale pensioentrekker', 'n voormalige lid van die Fonds wat kragtens regulasie 24 (1) (*b*) van Hoofstuk IV van die Personeelregulasies wat van krag was voor 1 Julie 1963, 'n pensioen ontvang uit die Fonds;".

2. Regulasie 7 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang:—

„7. 'n Lid wat die pensioenleeftyd bereik, tree uit diens van die Bank: Met dien verstande dat die dienste van 'n vroulike lid wat gebruik gemaak het van die keuse wat kragtens artikel 5 van die regulasies vervat in Goewermentskennisgewing No. 2862 van 17 November 1950 aan haar vergun was, vir verdere tydperke van hoogstens een jaar op 'n keer behou kan word, watter tydperke in geheel nie vyf jaar te bowe sal gaan nie.".

3. Regulasie 8 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang:—

„8. (1) Wanneer 'n lid wat nie minder nie as tien jaar pensioengewende diens gedoen het, by bereiking van die pensioenleeftyd of daarna uit diens tree, word aan hom 'n uitdienstredingsvoordeel betaal, bereken volgens regulasie 9.

(2) Wanneer 'n lid wat minder as tien jaar pensioengewende diens gedoen het uit diens tree by bereiking van die pensioenleeftyd of daarna, of om een van die redes vermeld in regulasies 11 en 12, word aan hom 'n gratifikasie betaal gelyk aan dubbel sy totale bydraes tot die Fonds.".

4. Regulasie 10 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang:—

„10. Ondanks die bepalings van regulasie 7—

(*a*) kan 'n manlike lid wat gebruik gemaak het van die keuse wat kragtens artikel 5 van die regulasies vervat in Goewermentskennisgewing No. 2862 van 17 November 1950 aan hom

(*d*) by the deletion of the definition of "pensionable age" and the substitution therefor of the following definition:—

"'pensionable age' shall, for the purpose of Chapter IV, mean—

(*a*) in regard to members who have made use of the election given to them in terms of the provisions of section 5 of the regulations contained in Government Notice No. 2862 of 17th November, 1950, the age of sixty years in the case of male members and the age of fifty-five years in the case of female members; or

(*b*) in regard to members other than those mentioned in paragraph (*a*) above, the age of sixty-five years in the case of male members and the age of sixty years in the case of female members;";

(*e*) by the deletion of the definition of "pensioner" and the substitution therefor of the following definition:—

"'pensioner', other than a special pensioner, shall mean a former member of the Fund who is in receipt of a pension from the Fund: Provided that, for the purpose of Chapter VIII, the following additional persons shall be regarded as pensioners—

(*a*) special pensioners, as defined in this regulation;

(*b*) a widow and/or child who is in receipt of a pension from the Fund;

(*c*) the widow of any deceased pensioner, including the widow of a deceased special pensioner mentioned in paragraph (*a*) above;"; and

(*f*) by the deletion of the definition of "special member" and the substitution therefor of the following definition:—

"'special pensioner' shall mean a former member of the Fund who, in terms of regulation 24 (1) (*b*) of Chapter IV of the Staff Regulations in force before the 1st July, 1963, is in receipt of a pension from the Fund;".

2. Regulation 7 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor:—

"7. A member who has attained the pensionable age shall retire from the service of the Bank: Provided that the services of a female member who has made use of the election given to her in terms of the provisions of section 5 of the regulations contained in Government Notice No. 2862 of 17th November, 1950, may be retained for further periods of not exceeding one year at a time, but not exceeding five years in all.".

3. Regulation 8 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor:—

"8. (1) When a member who has had not less than ten years' pensionable service retires on or after attaining the pensionable age, he shall be granted a retiring benefit calculated in terms of regulation 9.

(2) When a member who has had less than ten years' pensionable service retires on or after attaining the pensionable age or for one of the reasons given in regulations 11 and 12, he shall be granted a gratuity equal to twice the total of his contributions to the Fund.".

4. Regulation 10 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor:—

"10. Notwithstanding the provisions of regulation 7—

(*a*) a male member who has made use of the election given to him in terms of the provisions of section 5 of the regulations contained in Government Notice No. 2862 of 17th

vergun was, wanneer hy die leeftyd van vyf-en-vyftig jaar bereik het of daarna, met toestemming van die Raad uit diens tree, in welke geval 'n uitdienstredingsvoordeel bereken ooreenkomstig regulasie 9, aan hom betaal word, en van die bedrag aldus bereken, word twee-vyfdes van een persent van daardie bedrag afgetrek ten opsigte van elke maand, of gedeelte daarvan, waarmee sy pensioenleeftyd die werklike leeftyd van daardie lid by uitdienstreding te bowe gaan; en

(*b*) kan 'n ander lid as 'n lid genoem in paragraaf (*a*) van hierdie regulasie, wat 'n lid geword het voor 1 Julie 1963 en nie minder nie as tien jaar pensioengewende diens gedoen het, binne 'n tydperk van vyf jaar voor bereiking van die pensioenleeftyd uit diens tree, in welke geval 'n uitdienstredingsvoordeel bereken ooreenkomstig regulasie 9 aan die lid betaal word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is op 'n vroulike lid wat gebruik gemaak het van die keuse wat kragtens artikel 5 van die regulasies vervat in Goewermentskennisgewing No. 2862 van 17 November 1950 aan haar vergun was.".

5. Regulasie 14 van Hoofstuk IV en die opskrif van daardie regulasie word geskrap en deur die volgende vervang: —

„ VOORDELE AAN KWALIFISERENDE WEDUWEES EN KINDERS.

14. (1) Indien 'n manlike lid wat nie minder nie as tien jaar pensioengewende diens gedoen het te sterwe kom en 'n kwalifiserende weduwee nalaat, word aan haar, onderworpe aan die bepalings van subartikel (4) van hierdie regulasie, die gratifikasie betaal, en 'n pensioen gelyk aan twee-derdes van die pensioen, wat die lid sou ontvang het indien by kragtens subartikel (1) van regulasie 8 op die dag van sy dood uit diens gepensioeneer is.

(2) Indien 'n manlike pensioentrekker te sterwe kom en 'n kwalifiserende weduwee nalaat, word aan haar, onderworpe aan die bepalings van subartikel (4) van hierdie regulasie, 'n pensioen betaal gelyk aan twee-derdes van die oorlede pensioentrekker se pensioen.

(3) Indien 'n manlike lid wat nie minder nie as tien jaar pensioengewende diens gedoen het of 'n manlike pensioentrekker te sterwe kom en 'n kwalifiserende weduwee en kwalifiserende kinders nalaat, word ten opsigte van sodanige kwalifiserende kinders 'n pensioen betaal, gelyk aan die volgende gedeelte van die pensioen wat aan die kwalifiserende weduwee betaal sou geword het as dit nie was vir die bepalings van subartikel (4) van hierdie regulasie nie: —

| *Getal kwalifiserende kinders.* | *Gedeelte.* |
|---|---|
| 1 | Een-derde |
| 2 of meer | Een-helfte |

(4) Die pensioen betaalbaar aan 'n weduwee met of sonder 'n kind of kinders sal nie minder as tweehonderd rand per jaar wees nie."

6. Regulasie 15 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang: —

„ 15. (1) Indien, na nie minder nie as tien jaar pensioengewende diens, 'n manlike lid te sterwe kom en nie 'n kwalifiserende weduwee nalaat nie maar kwalifiserende kinders nalaat, of 'n vroulike lid te sterwe kom en kwalifiserende kinders nalaat, word ten opsigte van sodanige kinders die gratifikasie betaal en die volgende gedeelte van die pensioen wat die lid sou ontvang het indien hy of sy kragtens subartikel (1) van regulasie 8 op die dag van sy of haar dood uit diens gepensioeneer is: —

| *Getal kwalifiserende kinders.* | *Gedeelte.* |
|---|---|
| 1 | Vier-negendes |
| 2 of meer | Agt-negendes |

(2) Indien 'n manlike pensioentrekker te sterwe kom en nie 'n kwalifiserende weduwee nalaat nie maar kwalifiserende kinders nalaat, of indien 'n vroulike pensioentrekker te sterwe kom en kwalifiserende

November, 1950, may, with the consent of the Board, retire on or after attaining the age of fifty-five years, in which event he shall be granted a retiring benefit calculated in accordance with regulation 9 and from the amount so calculated, there shall be deducted two-fifths of one per cent of such amount in respect of each month or part thereof by which the pensionable age exceeds the actual age of such member on retirement; and

(*b*) a member other than a member mentioned in paragraph (*a*) of this regulation who became a member before the 1st July, 1963, and who has had not less than ten years' pensionable service may retire within a period of five years before attaining the pensionable age, in which event the member shall be granted a retiring benefit calculated in accordance with regulation 9: Provided that the provisions of this paragraph shall not be applicable to a female member who has made use of the election given to her in terms of the provisions of section 5 of the regulations contained in Government Notice No. 2862 of 17th November, 1950.".

5. Regulation 14 of Chapter IV and the heading to that regulation are deleted and the following substituted therefor: —

" BENEFITS TO ELIGIBLE WIDOWS AND CHILDREN.

14. (1) If a male member who has had not less than ten years' pensionable service dies and leaves an eligible widow, she shall, subject to the provisions of sub-section (4) of this regulation, be granted the gratuity, and a pension equal to two-thirds of the pension, which the member would have received if he had been retired in terms of sub-section (1) of regulation 8 on the day of his death.

(2) If a male pensioner dies and leaves an eligible widow, she shall, subject to the provisions of sub-section (4) of this regulation, be granted a pension equal to two-thirds of the deceased pensioner's pension.

(3) If a male member who has had not less than ten years' pensionable service or a male pensioner dies and leaves an eligible widow and eligible children, there shall be granted in respect of such eligible children a pension equal to the following proportion of the pension which would, but for the provisions of sub-section (4) of this regulation, be granted to the eligible widow: —

| *Number of Eligible Children* | *Proportion* |
|---|---|
| 1 | One-third |
| 2 or more | One-half |

(4) The pension payable to a widow with or without a child or children shall not be less than two hundred rand a year.".

6. Regulation 15 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor: —

" 15. (1) If, after not less than ten years' pensionable service, a male member dies and does not leave an eligible widow but leaves eligible children, or a female member dies and leaves eligible children, there shall be granted in respect of such children the gratuity and the following proportion of the pension which the member would have received if he or she had been retired in terms of sub-section (1) of regulation 8 on the day of his or her death: —

| *Number of Eligible Children* | *Proportion* |
|---|---|
| 1 | Four-ninths |
| 2 or more | Eight-ninths |

(2) If a male pensioner dies and does not leave a eligible widow but leaves eligible children, or if female pensioner dies and leaves eligible children there shall be granted in respect of such children

kinders nalaat, word ten opsigte van sodanige kinders 'n pensioen betaal, gelyk aan die volgende gedeelte van die oorlede pensioentrekker se pensioen: —

| *Getal kwalifiserende kinders.* | *Gedeelte.* |
|---|---|
| 1..... | Vier-negendes |
| 2 of meer..... | Agt-negendes |

(3) Die minimum jaarlikse pensioen kragtens subartikel (1) en (2) van hierdie regulasie is eenhonderd rand as daar een kwalifiserende kind is en tweehonderd rand as daar twee of meer kwalifiserende kinders is.".

7. Regulasie 16 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang: —

„16. (1) 'n Pensioen aan 'n lid toegeken, val weg by sy dood.

(2) 'n Pensioen aan 'n weduwee toegeken val weg by haar dood en tensy die Raad na sy eie goeddunke anders bepaal, word die pensioen betaalbaar ten opsigte van enige kwalifiserende kinders daarna herbereken ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) of (2), na gelang van die geval, van regulasie 15, onderworpe aan die bepalings van subartikel (3) van regulasie 15.

(3) 'n Pensioen aan 'n kwalifiserende kind toegeken, val weg wanneer hy ophou om 'n kwalifiserende kind te wees.

(4) Die Raad kan na sy eie goeddunke 'n pensioen weerhou van 'n kind wat andersins vir 'n pensioen kwalifiseer indien, na die Raad se mening, die kind selfonderhoudend is of geword het.".

8. Regulasie 17 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang: —

„17. Indien 'n lid wat minder as tien jaar pensioengewende diens gedoen het te sterwe kom en 'n weduwee en/of 'n kind of kinders nalaat, word aan sodanige weduwee en/of kind of kinders, na gelang van die geval, 'n gratifikasie betaal gelyk aan dubbel die bedrag van die lid se bydraes: Met dien verstande dat die bepalings van subartikel (1) van regulasie 20 *mutatis mutandis* van toepassing is op 'n kind of kinders wat die leeftyd van agtien jaar bereik het.".

9. Regulasie 18 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang: —

„18. Indien by die afsterwe van 'n manlike of vroulike lid geen pensioen aan 'n kwalifiserende weduwee of kwalifiserende kind kragtens regulasie 14 of 15 betaalbaar is nie, ontvang sy of haar afhanklikes (indien enige) 'n gratifikasie gelyk aan dubbel die bedrag van die lid se bydraes tot die Fonds, asook die bedrag van die spesiale bydrae, as daar is.".

10. Regulasie 19 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang: —

„19. Indien by die afsterwe van 'n manlike of vroulike pensioentrekker binne vyf jaar vanaf uitdienstreding, geen pensioen aan 'n kwalifiserende weduwee of kwalifiserende kind kragtens regulasie 14 of 15 betaalbaar is nie, ontvang sy of haar afhanklikes (indien enige) 'n gratifikasie gelyk aan die totaalbedrag van die pensioen wat aan sodanige pensioentrekker uitbetaal sou geword het vanaf die dag na sy of haar dood tot by verstryking van bedoelde vyf jaar, as hy of sy nie gesterf het nie: Met dien verstande dat enige gedeelte van die gratifikasie wat betaalbaar is ten opsigte van die bykomende voordeel kragtens regulasie 13 toegeken, deur die bank betaal moet word.".

11. Regulasie 20 van Hoofstuk IV word gewysig deur subartikel (1) daarvan te skrap en deur die volgende te vervang: —

„(1) Met inagneming van die bepalings van regulasie 25, kan die Raad enige gratifikasie kragtens bovermelde regulasies 14, 15, 18 en 19 betaalbaar, verminder tot 'n mate wat, na gelang van die omstandighede van die voornoemde afhanklikes, hom redelik voorkom.".

12. Regulasie 22 van die Engelse teks van Hoofstuk IV word gewysig deur die woorde „or resigns" na die woord „resign" in te voeg.

pension equal to the following proportion of the deceased pensioner's pension: —

| *Number of Eligible Children* | *Proportion* |
|---|---|
| 1..... | Four-ninths |
| 2 or more..... | Eight-ninths |

(3) The minimum annual pension in terms of subsections (1) and (2) of this regulation shall be one hundred rand if there is one eligible child and two hundred rand if there are two or more eligible children.".

7. Regulation 16 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor: —

"16. (1) A pension granted to a member shall cease on his death.

(2) A pension granted to a widow shall cease on her death and the pension payable in respect of any eligible children shall, unless the Board in its absolute discretion otherwise directs, thereupon be calculated, subject to the provisions of sub-section (3) of regulation 15, in accordance with the provisions of subsection (1) or (2), as the case may be, of regulation 15.

(3) A pension granted to an eligible child shall cease when he ceases to be an eligible child.

(4) The Board may, in its absolute discretion, withhold a pension from a child who would otherwise be eligible for a pension, if, in the Board's opinion, the child is or has become self-supporting.".

8. Regulation 17 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor: —

"17. If a member who has had less than ten years' pensionable service dies and is survived by a widow and/or a child or children, there shall be paid to such widow and/or child or children, as the case may be, a gratuity equal to twice the contributions paid by the member: Provided that, in the case of a child or children who have attained the age of eighteen years, the provisions of sub-section (1) of regulation 20 shall *mutatis mutandis* apply.".

9. Regulation 18 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor: —

"18. If on the death of a male or female member no pension is payable to an eligible widow or eligible child in terms of regulation 14 or 15, his or her dependants (if any) shall receive a gratuity equal to twice the contributions paid to the Fund by the member, together with the amount (if any) of the special contribution.".

10. Regulation 19 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor: —

"19. If, on the death of a male or female pensioner within five years or retirement, no pension is payable to an eligible widow or eligible child in terms of regulation 14 or 15, his or her dependants (if any) shall receive a gratuity equal to the aggregate amount of the pension which would have been paid to such pensioner from the day following the date of his or her death until the expiry of the said five years, had he or she not died: Provided that any part of the gratuity which is payable in respect of the additional benefit granted in terms of regulation 13 shall be paid by the Bank.".

11. Regulation 20 of Chapter IV is amended by the deletion of sub-section (1) thereof and the substitution of the following therefor: —

"(1) The Board may, subject to the provisions of regulation 25, reduce the amount of any gratuity payable under regulations 14, 15, 18 and 19 above, to an extent which, having regard to the circumstances of the said dependants, appears to it to be reasonable.".

12. Regulation 22 of Chapter IV is amended by the insertion of the words "or resigns" after the word "resign".

13. Regulasie 24 van Hoofstuk IV en die opskrif van daardie regulasie word geskrap en deur die volgende vervang:—

„WEDUWEES VAN SPESIALE PENSIOENTREKKERS.

24. (1) Indien 'n spesiale pensioentrekker te sterwe kom, word in plaas van enige ander voordele waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word en met inagneming van die bepalings van subartikel (2) van regulasie 16, aan sy nagelate kwalifiserende weduwee 'n jaarlikse pensioen betaal gelyk aan eenhelfte van die jaarlikse pensioen waarop bedoelde oorlede spesiale pensioentrekker in sy leeftyd geregtig was.

(2) Die minimum pensioen waarna in subartikel (4) van regulasie 14 verwys word, is nie van toepassing op die weduwee van 'n spesiale pensioentrekker nie.

(3) Die bepalings van hierdie regulasie maak geen inbreuk op die bepalings van die oorblywende regulasies in hierdie Hoofstuk vir sover daardie regulasies nie met hierdie regulasie onbestaanbaar is nie.".

14. Regulasie 33 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang:—

„33. (1) Behalwe vir sover dit in hierdie regulasies uitdruklik anders bepaal word:—

(*a*) Kan geen belang in of reg op of ten opsigte van 'n pensioen of ander voordeel kragtens hierdie regulasies betaalbaar (hierinlater in hierdie regulasie genoem „regte") op enige wyse uitgeoefen of gevorder word nie deur enigiemand anders as die persoon aan wie die regte volgens hierdie regulasie toegeken was, en word die regte aan so 'n persoon persoonlik toegeken en kan geen regte gesedeer, afgestaan, oorgedra, verpand of verhipotekeer of op enige wyse vervreem word nie en kan niemand anders in watter hoedanigheid ookal met die regte beklee word nie, en sulke regte is nie vatbaar vir beslaglegging deur of ten behoewe van 'n skuldeiser of onderhewig aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n vonnis of bevel van die hof nie.

(*b*) Word sulke regte geheel en al beëindig en ten bate van die Fonds verbeurd verklaar, as enige van die volgende voorvalle plaasvind—

(i) indien die betrokke persoon—

(*aa*) finaal insolvent verklaar word of sy boedel ten bate van sy skuldeisers op enige wyse oorgee of afstaan; of

(*bb*) poog om alle of enige van sy regte onder hierdie regulasies te sedeer, af te staan, oor te dra, te verpand, te verhipotekeer of op enige wyse te vervreem; of

(ii) indien 'n skuldeiser van die betrokke persoon poog om alle of enige van die regte onder hierdie regulasie verleen, in beslag te neem of onder 'n lasbrief vir eksekusie te verkoop of sulke regte aldus in beslag te laat neem of te laat verkoop.

(*c*) Kan die Raad, ingeval 'n persoon sy regte soos voormeld verbeur het, na sy eie goeddunke in alle opsigte en indien hy dit verkies, van tyd tot tyd uit die Fonds betaal (of, sonder kennisgewing, ophou om te betaal)—

(i) aan bedoelde persoon, sodanige bedrag of bedrae as wat die Raad vir daardie persoon se onderhoud nodig ag; en/of

(ii) aan die afhanklikes van bedoelde persoon, sodanige bedrag of bedrae as wat die Raad vir hul onderhoud nodig ag:

Met dien verstande dat die totaal betalings kragtens hierdie regulasie aan 'n aldus bedoelde persoon en/of afhanklikes, nie die bedrag sal oorskry wat ten opsigte van sy regte betaalbaar sou gewees het indien daardie regte nie soos voormeld beëindig of verbeurd verklaar geword het nie.

13. Regulation 24 of Chapter IV and the heading to that regulation are deleted and the following substituted therefor:—

"WIDOWS OF SPECIAL PENSIONERS.

24. (1) In the event of the death of a special pensioner, there shall be paid to his surviving eligible widow in lieu of any other benefits provided for in this Chapter, and subject to the provisions of subsection (2) of regulation 16, an annual pension equivalent to one-half of the annual pension to which such deceased special pensioner was entitled during his lifetime.

(2) The minimum pension referred to in sub-section (4) of regulation 14 shall not apply to a widow of a special pensioner.

(3) Nothing in this regulation contained shall affect the provisions of the remaining regulations in this Chapter in so far as such regulations are not inconsistent with this regulation.".

14. Regulation 33 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor:—

"33. (1) Unless otherwise in these regulations expressly provided:—

(*a*) No interest in or right to or in respect of a pension or other benefit payable under these regulations (hereinafter in this regulation referred to as "rights") shall be capable of being exercised or claimed in any way by anybody, other than the person upon whom such rights have been conferred under these regulations, and shall be purely personal to such person and no such rights shall be capable of being ceded, assigned, transferred, pledged or hypothecated or in any way alienated or of being vested in any other person whomsoever in any capacity and any such rights shall not be liable to be attached by or on behalf of any creditor or be subject to any form of execution under a judgment or order of court.

(*b*) Such rights shall be determined absolutely and be wholly forfeited for the benefit of the Fund on the happening of any of the following events—

(i) if the person concerned—

(*aa*) is finally declared insolvent or surrenders his estate or assigns his estate in any way for the benefit of his creditors; or

(*bb*) purports to cede, assign, transfer, pledge, hypothecate or in any way alienate all or any of his rights under these regulations; or

(ii) if a creditor of the person concerned purports to attach or to sell under any writ of execution or causes to be so attached or so sold, all or any rights under these regulations.

(*c*) In the event of any person forfeiting his rights as aforesaid, the Board may, if it so chooses and in its absolute discretion in all respects, from time to time pay out of the Fund (or, without notice, cease to pay)—

(i) to such person, such amount or amounts as the Board may consider necessary for the support of such person; and/or

(ii) to the dependants of such person, such amount or amounts as the Board may consider necessary for the support of such dependants:

Provided that the total payments to any such person and/or dependants under this sub-section, shall not exceed the amount which would have been payable in respect of his rights, if such rights had not been determined and forfeited as aforesaid.

(2) Die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van hierdie regulasie is nie van toepassing nie op regte, ten opsigte waarvan betaling in werklikheid reeds verskuldig was op die datum waarop enige van die voorvalle genoem in paragraaf (*b*) van subartikel (1) van hierdie regulasie, plaasgevind het.

(3) By toepassing van paragraaf (*b*) van subartikel (1) en subartikel (2) van hierdie regulasie, word die datum waarop enige van bedoelde voorvalle plaasvind, geag te wees—

(i) in geval van insolvensie, die datum van die aanname van boedeloorgawe of van die finale sekwestrasie-order, soos die geval mag wees;

(ii) in geval van 'n beweerde beslaglegging of verkoping onder lasbrief vir eksekusie, die datum van die lasbrief;

(iii) in geval van 'n skuldbeslagorder of interdik, die datum daarvan;

(iv) in geval van enige van die ander voornoemde voorvalle, die datum van die instrument of ander ooreenkoms:

Met dien verstande dat indien daar meer as een datum is wat beweer word die datum te wees waarop 'n bedoelde instrument of ander ooreenkoms onderteken of aangegaan is, word by die toepassing van hierdie regulasie, die vroegste datum geag die datum te wees.

(4) Behalwe vir sover dit uitdruklik in hierdie regulasies bepaal word, sal geen regte onder hierdie regulasies 'n bate in die boedel van 'n oorlede persoon wees of word nie.".

15. Regulasie 35 van Hoofstuk IV word geskrap en deur die volgende vervang:—

„35. (1) Tensy anders ooreengekom is, word pensioenuitbetalings maandeliks aan die ontvanger gemaak, en tensy persoonlik daarom aansoek gedoen word, moet bewys van sy identiteit en dat hy nog in lewe is, soos deur die Raad vereis, gelewer word. Kinders of ander persone namens sulke kinders, moet ook die bewys lewer wat die Raad mag vereis, dat hulle nog op voordele geregtig is. By versuim hiervan kan die Raad na sy eie goeddunke, betaling van die pensioen opskort en hoef dit nie te betaal nie tot tyd en wyl daardie versuim herstel is.

(2) Die gratifikasie en pensioen wat ten opsigte van kwalifiserende kinders betaalbaar is, word gewoonlik aan hulle oorlewende ouer uitbetaal: Met dien verstande dat die Raad na sy eie goeddunke die gratifikasie en die pensioen onder die kinders kan verdeel en enige kind se gedeelte van die gratifikasie en pensioen aan hom direk kan betaal, of aan sodanige ander persoon ten behoewe van die kind, as wat die Raad goedvind.".

16. Hierdie wysigings tot die regulasies word geag op 1 Julie 1963 in werking te getree het.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 1001.] [5 Julie 1963.

AANSTELLING VAN LID.—PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, KAAPSTAD.

Sy Edele die Minister van Vervoer het, ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, mnr. G. Y. van Hees aangestel as lid en aangewys as Voorsitter van die Plaaslike Padvervoerraad, Kaapstad, vir die vergadering wat op 7 Junie 1963 plaasgevind het.

(2) Nothing in paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (1) of this regulation shall apply in respect of rights, the actual payment of which had already become due out of the Fund at the date of the happening of any of the events in paragraph (*b*) of sub-section (1) of this regulation set forth.

(3) The date of the happening of any of the said events, for the purposes of paragraph (*b*) of subsection (1) and sub-section (2) of this regulation, shall be deemed to be—

(i) in the event of insolvency, the date of the acceptance of the surrender or of the final order of sequestration, as the case may be; or

(ii) in the event of purported attachment or sale under writ of execution, the date of the writ; or

(iii) in the event of any garnishee order or interdict, the date thereof; or

(iv) in any of the other events aforesaid, the date of the instrument or other agreement:

Provided that if there shall be more than one date purporting to be the date upon which any such instrument or other agreement was signed or entered into, the date, for the purposes of this regulation, shall be deemed to be the earliest of such dates.

(4) No rights under these regulations shall be or become an asset in the deceased estate of any person, save as is expressly provided for in these regulations.".

15. Regulation 35 of Chapter IV is deleted and the following substituted therefor:—

"35. (1) Payments of pension shall be made to the recipient monthly, unless otherwise agreed, and if not applied for personally, such evidence of his identity and of his being alive, as the Board may require, shall be furnished. Children or other persons, on behalf of such children, shall also give such evidence as the Board may require, that they continue to be eligible for benefit. In the event of any default, the Board, in its absolute discretion, may suspend and need not make payment of the pension until such time as the default is remedied.

(2) The gratuity and pension payable in respect of any eligible children shall normally be paid to their surviving parent: Provided that the Board may, in its absolute discretion, apportion the gratuity and the pension amongst the children and pay any child's share of the gratuity and pension to him direct or to such person on his behalf as it thinks fit.".

16. These amendments to the regulations shall be deemed to have come into operation on the 1st July, 1963.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 1001.] [5 July 1963.

APPOINTMENT OF MEMBER.—LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, CAPE TOWN.

The Honourable the Minister of Transport has, in terms of the provisions of section *three* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, appointed Mr. G. Y. van Hees as a member and designated him as Chairman of the Local Road Transportation Board, Cape Town, for the meeting which took place on 7th June, 1963.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 925.] [28 Junie 1963.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 101, GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies, *en alle toekomstige uitgawes daarvan*, onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. *Africa Bureau News*, No. 3, November, 1962.
2. *Eros*, Winter, 1962, Vol. 1, No. 4.
3. *Informatie-Bulletin*, No. 9, Nov./Des. 1962.
4. *Light and Shade*, No. 2.
5. *Magyar Hirek*, Feb. 15, 1963.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan enige persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd sewe-en-dertig* van genoemde Wet, ingevolge waarvan 'n persoon wat 'n eksemplaar van enigeen van vermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of hou of versprei of vertoon, 'n misdryf begaan en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 1002.] [5 Julie 1963.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—BRAITHWAITE IN MANSFIELD-JUDD.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Anthony Braithwaite, woonagtig te Princetonweg 1, Evander, Tvl., te magtig om die van Mansfield-Judd aan te neem.

No. 1003.] [5 Julie 1963.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—HEATH IN COOMBE-HEATH.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Patrick Coombe Heath, sy eggenote, Mabel Heath, sy seuns, Patrick George Coombe Heath, Michael Gilbert Coombe Heath en Terence Brian Coombe Heath, woonagtig te Coombehuis, Hoofweg, Rivonia, Johannesburg, te magtig om die van Coombe-Heath aan te neem.

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 925.] [28 June 1963.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 101, PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications, *and all future issues thereof*, to be indecent, obscene or objectionable:—

1. *Africa Bureau News*, No. 3, November, 1962.
2. *Eros*, Winter, 1962, Vol. 1, No. 4.
3. *Informatie-Bulletin*, No. 9, Nov./Dec., 1962.
4. *Light and Shade*, No. 2.
5. *Magyar Hirek*, Feb. 15, 1963.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

28-5

No. 1002.] [5 July 1963.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—BRAITHWAITE TO MANSFIELD-JUDD.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Anthony Braithwaite, residing at 1 Princeton Road, Evander, Tvl., to assume the surname of Mansfield-Judd.

No. 1003.] [5 July 1963.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—HEATH TO COOMBE-HEATH.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Patrick Coombe Heath, his wife, Mabel Heath, his children, Patrick George Coombe Heath, Michael Gilbert Coombe Heath and Terence Brian Coombe Heath, residing at Coombe House, Main Road, Rivonia, Johannesburg, to assume the surname of Coombe-Heath.

No. 1010.] [5 Julie 1963.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 102 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

| | *Publikasie/Publication.* | *Deur/By.* |
|---|---|---|
| 1. | *Adventures in a Cold-Water Flat* | Jerry Weil. |
| 2. | *All True Real Detective*, June, 1963 | — |
| 3. | *Annual Report of the Africa Bureau* (April, 1961—March, 1962) | — |
| 4. | *Apartheid: Affanno E Dolore* | Angelo Del Boca. |
| 5. | *Charm Photography*, No. 3 | — |
| 6. | *Die Freistatt* | William Faulkner. |
| 7. | *Erotic in Literature, The* | David Loth. |
| 8. | *For Men Only*, Vol. 10, No. 6, June, 1963 | — |
| 9. | *George Washington September, Sir* | Ronald Harwood. |
| 10. | *Homosexual, The* (alle sagtebanduitgawes/*all paperback editions*) | Benjamin Morse, M.D. |
| 11. | *House of Sinners* | Peggy Gaddis. |
| 12. | *Lenin: Collected Works*, Vol, 12, January–June, 1907 | — |
| 13. | *Love and Mrs. Sargent* | Patrick Dennis. |
| 14. | *Lust is no Lady* | Stephanie Davis. |

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan enige persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweedusend rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 1010.] [5 July 1963.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 102 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

| | *Publikasie/Publication.* | *Deur/By.* |
|---|---|---|
| 15. | *Mädchenjagd In Manhattan* | Nick Quarry. |
| 16. | *Medical Problems of Women* (alle sagtebanduitgawes/*all paperback editions*) | Martin James, M.D. |
| 17. | *Men in Adventure*, Vol. 2, No. 4, June, 1963 | — |
| 18. | *Modern Sunbathing and Hygiene Annual*, 1960 | — |
| 19. | *Nude and the Portrait, The* | John Wynne-Morgan. |
| 20. | *Revealing Romances*, No. 157, June, 1963 | — |
| 21. | *Shock (Mystery Tales Magazine)* Vol. 3, No. 1, February, 1963. | — |
| 22. | *Striptease Business* | Arthur Fox. |
| 23. | *Terror by Night* | Bernhardt J. Hurwood. |
| 24. | *That Girl Marian* | H. Vernor Dixon. |
| 25. | *Unsleep, The* | Diana & Meir Gillon. |
| 26. | *Up in Valerie's Room* | Martin Collyer. |
| 27. | *Where the Boys are* | Glendon Swarthout |

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 997.] [5 Julie 1963.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die Townships Amendment Act, 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 20·1498 morg groot, vir dorpsdoeleindes uitgehou op die plaas Koolbult No. 121, Registrasie-afdeling I.R., distrik Brakpan, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Die Republiek van Suid-Afrika, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 2437, bewaar word.

M.M. 16/6179.

No. 1004.] [5 Julie 1963.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die „Townships Amendment Act", 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), stukke geproklameerde grond, tesame ongeveer 10·5883 morg groot, vir dorpsdoeleindes uitgehou op die plaas Driefontein No. 87, Registrasie-afdeling I.R., distrik Germiston, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal,

## DEPARTMENT OF MINES.

No. 997.] [5 July 1963.

RESERVATION OF LAND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

The State President, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), has reserved for township purposes a portion of proclaimed land, approximately 20·1498 morgen in extent, situate on the farm Koolbult No. 121, Registration Division I.R., District of Brakpan, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of The Republic of South Africa, and as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 2437.

M.M. 16/6179.

No. 1004.] [5 July 1963.

RESERVATION OF LAND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

The State President, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), has reserved for township purposes portions of proclaimed land, together approximately 10·5883 morgen in extent, situate on the farm Driefontein No. 87, Registration Division I.R., District Germiston, Mining District of Johannesburg,

geregistreer op naam van Christina Johanna Nel en andere, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 2432, bewaar word.

M.M. 17/3066.

---

No. 1006.] [5 Julie 1963.

## UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sestien* van die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), 'n stuk grond kragtens mynbrief gehou, ongeveer 1,147 Kaapse vierkante voet groot, vir dorpsdoeleindes uitgehou op die plaas Harmony No. 19, administratiewe distrik Ventersburg, myndistrik Oranje-Vrystaat, provinsie Oranje-Vrystaat, geregistreer op naam van Virginia Land and Estate Company, Limited, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Oranje-Vrystaat, te Welkom, onder R.M.T. No. 86 bewaar word.

M.M. 17/2107.

---

No. 1007.] [5 Julie 1963.

## GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOPVERKLAAR.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims, waarvan besonderhede in bygaande Bylae gemeld word, vanaf 9 vm. op die 31ste dag van Julie 1963, oop is vir die afpenning van kleims ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van genoemde Wet.

M.M. 22/5/3 (63).

---

Transvaal Province, registered in the name of Christina Johanna Nel and others, and as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 2432.

M.M. 17/3066.

---

No. 1006.] [5 July 1963.

## RESERVATION OF LAND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

The State President, under the powers vested in him by section *sixteen* of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), has reserved for township purposes a portion of land held under mining title, approximately 1,147 Cape square feet in extent, situate on the farm Harmony No. 19, Administrative District Ventersburg, Mining District of the Orange Free State, Province of the Orange Free State, registered in the name of Virginia Land and Estate Company, Limited, and as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and the office of the Mining Commissioner, Orange Free State, at Welkom, under R.M.T. No. 86.

M.M. 17/2107.

---

No. 1007.] [5 July 1963.

## GROUND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS.

The State President, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), has declared that the ground previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open for the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act, as from 9 a.m. on the 31st day of July, 1963.

M.M. 22/5/3 (63).

---

BYLAE.—*SCHEDULE.*

MYNDISTRIK BARBERTON.—*MINING DISTRICT OF BARBERTON.*

ONEDELMETAALKLEIMS.—*BASE METAL CLAIMS.*

| Lis. no. *Lic. No.* | Onderskeidingsnommers van kleims. *Distinctive Numbers of Claims.* | Getal kleims. *No. of Claims.* | Kaart-no. *Diagram No.* | Naam van laaste geregistreerde houer, plaas en nommer. *Name of Last Registered Owner, Farm and Number.* | Eienaar van plaas. *Owner of Farm.* |
|---|---|---|---|---|---|
| 12386 | Ongenommer/*Unnumbered* | 100 | — | W. P. Meyer, Barberton | Goewerment/*Government.* |
| 12837 | Ongenommer/*Unnumbered* | 100 | — | M. S. Nyman, Barberton | Goewerment/*Government.* |
| 12838 | Ongenommer/*Unnumbered* | 50 | — | A. W. Carlin, Barberton | Goewerment/*Government.* |
| 12954 | Ongenommer/*Unnumbered* | 4 | — | J. F. Bornman, Kaapsche Hoop | Goewerment/*Government.* |
| 13021 | Ongenommer/*Unnumbered* | 4 | — | J. F. Bornman, Kaapsche Hoop | Goewerment/*Government.* |
| 13040 | Ongenommer/*Unnumbered* | 100 | — | M. I. Alford, Barberton | Goewerment/*Government.* |
| 13042 | Ongenommer/*Unnumbered* | 100 | — | D. T. R. Lyall, Barberton | Goewerment/*Government.* |
| 13062 | Ongenommer/*Unnumbered* | 78 | — | J. P. van Antwerp, Kaapsche Hoop | Goewerment/*Government.* |
| 13099 | Ongenommer/*Unnumbered* | 96 | — | P. W. J. Jordaan, Kaapsche Hoop | Goewerment/*Government.* |
| 13109 | Ongenommer/*Unnumbered* | 100 | — | J. A. Hollebrands, Barberton | Goewerment/*Government.* |

PROSPEKTEERKLEIMS.—*PROSPECTING CLAIMS.*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5067 | Ongenommer/*Unnumbered* | 2 | — | J. P. van Antwerp, Kaapsche Hoop | Goewerment/*Government.* |
| 17682 | Ongenommer/*Unnumbered* | 1 | — | F. J. Veldman, Natalshoop No. 151 J.T. | M. J. Erasmus en andere/*and others.* |
| 17758 | Ongenommer/*Unnumbered* | 1 | — | J. C. van der Linde, Nooitgedacht No. 153 J.T. | Transvaal Gold Mining Estates, Limited. |
| 17802 | Ongenommer/*Unnumbered* | 10 | — | J. F. de Beer, Terpen No. 466 K.T. | Goewerment/*Government.* |
| 17804 | Ongenommer/*Unnumbered* | 2 | — | J. F. de Beer, Erasmushoop No. 457 K.T. | Lydenburg Estates, Limited. |

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 1008.] [5 Julie 1963.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—AANSTELLING VAN ONTLEDERS.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), ondergenoemde aanstellings kragtens die Wet gedoen: —

*Ontleders* (solank hulle in diens is van die Departement van Gesondheid): —

Mnr. Fredrikus Jacobus van Riet, B.Sc.
Mnr. Pieter Johannes van Niekerk, B.Sc.
Mnr. Adrianus Lefinus Op't Hof, B.Sc.

No. 1009.] [5 Julie 1963.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—WYSIGING VAN REGULASIES—KLEURSTOWWE IN VISPRODUKTE.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikels *twee-en-veertig* en *drie-en-veertig* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), en na behoorlike voldoening aan die vereistes van subartikel (3) van artikel *twee-en-veertig* van genoemde Wet (kyk Goewermentskennisgewing No. 83 van 18 Januarie 1963), met ingang van die datum van publikasie hiervan die regulasies wat kragtens artikel *twee-en-veertig* van genoemde Wet opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 575 van 28 Maart 1930, soos van tyd tot tyd gewysig, gepubliseer is, soos volg gewysig: —

(*a*) Deur die byvoeging aan die end van regulasie 14 (6) (*a*) van die woorde „In die geval van gerookte vis mag veroorloofde kleurstowwe gebruik word.".

(*b*) Deur die woorde „ veroorloofde kleurstowwe " in te voeg tussen die woorde „ sonder " en „ voedsame " in regulasie 14 (6) (*b*).

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. 998.] [5 Julie 1963.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

HEFFING OP SITRUSVRUGTE WAT UIT DIE REPUBLIEK UITGEVOER WORD.

Ooreenkomstig artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Sitrusraad genoem in artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. 44 van 1947, kragtens artikel 16 van genoemde Skema en met my goedkeuring 'n gewone heffing van 7·5 sent per kissie opgelê het op sitrusvrugte wat vanaf die Republiek uitgevoer word ter vervanging van die gewone heffing van 7 sent per kissie bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 631 van 27 April 1962.

En voorts maak ek hierby bekend dat genoemde heffing op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

## DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 1008.] [5 July 1963.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—APPOINTMENT OF ANALYSTS.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred upon him by sub-section (1) of section *three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), has made the following appointments under the Act: —

*Analysts* (whilst in the employ of the Department of Health): —

Mr. Fredrikus Jacobus van Riet, B.Sc.
Mr. Pieter Johannes van Niekerk, B.Sc.
Mr. Adrianus Lefinus Op't Hof, B.Sc.

No. 1009.] [5 July 1963.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—AMENDMENT OF REGULATIONS—COLOURING SUBSTANCES IN FISH PRODUCTS.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred upon him by sections *forty-two* and *forty-three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), and after due compliance with the requirements of sub-section (3) of section *forty-two* of the said Act (*vide* Government Notice No. 83, dated 18th January, 1963), has amended, with effect from the date of publication hereof, the regulations made under section forty-two of the above Act, and published under Government Notice No. 575 of the 28th March, 1930, as amended from time to time, as follows: —

(*a*) By the addition at the end of regulation 14 (6) (*a*) of the words " In the case of smoked fish permitted colouring may be used.".

(*b*) By the insertion between the words " without " and " wholesome " of the words " permitted colouring matter," in regulation 14 (6) (*b*).

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 998.] [5 July 1963.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

LEVY ON CITRUS FRUIT EXPORTED FROM THE REPUBLIC.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Citrus Board referred to in section 2 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. 44 of 1947, has, in terms of section 16 of the said Scheme and with my approval, imposed on citrus fruit exported from the Republic an ordinary levy of 7·5 cents per case, in substitution for the ordinary levy of 7 cents per case made known by Government Notice No. 631 of the 27th April, 1962.

And I hereby further make known that the said levy shall come into operation on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

No. 1011.] [5 Julie 1963.

## PIESANGSKEMA.

### VERBOD OP DIE VERKOOP VAN PIESANGS BEHALWE GRAAD I EN KLEINGRAAD PIESANGS.

Ingevolge artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Piesangbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Piesangskema gepubliseer by Proklamasie No. R. 254 van 1962, soos gewysig, kragtens artikel 17 van genoemde skema en met my goedkeuring, met ingang van datum van publikasie hiervan, die verbodsbepaling bekendgemaak in die Bylae tot Goewermentskennisgewing No. 426 van 22 Maart 1963, opgehef het.

Goewermentskennisgewing No. 426 van 22 Maart 1963 word hierby herroep.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

No. 1012.] [5 Julie 1963

### PRODUSENTEPRYSE VAN AFVAL IN BEHEERDE GEBIEDE.—WYSIGING.

Kragtens artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, vermeld in artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 265 van 1945, soos gewysig, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 14 van genoemde Skema, met my goedkeuring die vasstellings gedoen in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 1825 van 1959, soos gewysig, verder gewysig het op die wyse in die Bylae hiervan uiteengesit.

Voorts maak ek bekend dat hierdie kennisgewing op 8 Julie 1963, van krag word.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

### BYLAE.

Die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 1825 van 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die tariewe vir gesonde afval soos gespesifiseer in Klousule I van die Aanhangsel vir die onderskeie abattoirs in die Witwatersrandse beheerde gebied, soos volg te verhoog:—

| Sentrum. | Beesafval. | | Lam-, Skaap- en Bokafval. | |
|---|---|---|---|---|
| | Van. | Na. | Van. | Na. |
| | Sent. | Sent. | Rand. | Rand. |
| Benoni | 82½ | 95 | 1.00 | 1.10 |
| Germiston | 80 | 85 | 1.00 | 1.10 |
| Krugersdorp | 92½ | R1.05 | 1.08 | 1.18 |
| Newtown | 95 | R1.05 | 1.08 | 1.20 |
| Springs | 70 | 75 | — | — |
| Wynberg | 87½ | R1.00 | — | — |

No. 1011.] [5 July 1963.

## BANANA SCHEME.

### PROHIBITION ON THE SALE OF BANANAS EXCEPT GRADE I AND SMALL GRADE BANANAS.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Banana Control Board referred to in section 3 of the Banana Scheme published by Proclamation No. R. 254 of 1962, as amended, has, under the powers vested in it by section 17 of the said scheme, and with my approval, abolished, with effect from date of publication hereof, the prohibition made known in the Schedule to Government Notice No. 426 of 22nd March, 1963.

Government Notice No. 426 of 22nd March, 1963, is hereby withdrawn.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

No. 1012.] [5 July 1963.

### PRODUCERS' PRICES FOR OFFAL IN CONTROLLED AREAS.—AMENDMENT.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Livestock and Meat Industries Control Board referred to in section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation No. 265 of 1945, as amended, has, under the powers vested in it by section 14 of the said Scheme, with my approval further amended the determinations set out in the Schedule to Government Notice No. 1825 of 1959, as amended, in the manner set out in the Schedule hereto.

And I hereby further make known that this notice shall come into operation on the 8th July, 1963.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

### SCHEDULE.

The Schedule to Government Notice No. 1825 of 1959, as amended, is hereby further amended by increasing the rates for sound offal as specified in Clause I of the Annexure for the different abattoirs in the Witwatersrand controlled area as follows:—

| Centre. | Cattle Offal. | | Sheep, Lamb and Goat Offal. | |
|---|---|---|---|---|
| | From. | To. | From. | To. |
| | Cents. | Cents. | Rand. | Rand. |
| Benoni | 82½ | 95 | 1.00 | 1.10 |
| Germiston | 80 | 85 | 1.00 | 1.10 |
| Krugersdorp | 92½ | R1.05 | 1.08 | 1.18 |
| Newtown | 95 | R1.05 | 1.08 | 1.20 |
| Springs | 70 | 75 | — | — |
| Wynberg | 87½ | R1.00 | — | — |

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 987.] [5 Julie 1963.

### WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

### MEUBELNYWERHEID, NATAL.

### BYSTANDFONDSOOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Meubelnywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat vyf jaar vanaf genoemde tweede Maandag eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vakvereniging is; en

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (*a*), 2 en 5 (4), vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat vyf jaar vanaf genoemde tweede Maandag eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die Provinsie Natal en die landdrosdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

### BYLAE.

### NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MEUBELNYWERHEID, NATAL.

### OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan deur en tussen die

Natal Furniture Manufacturers Association

(hieronder dié "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Furniture Workers Industrial Union (Natal)

(hieronder die "werknemers" of die "vakvereniging" genoemd), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Natal.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS.

(*a*) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die provinsie Natal en in die landdrosdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu nagekom word deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en wat betrokke is by die Meubelnywerheid en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is en wat in daardie Nywerheid werksaam is.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*), is die bepalings van hierdie Ooreenkoms—

(i) van toepassing slegs op dié werknemers vir wie lone in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word en op die werkgewers van sodanige werknemers;

(ii) nie op 'n werknemer wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms of daarna 'n deelnemer aan of lid is of word van enige ander fonds wat vir pensioen- en/of bystandsvoordele voorsiening maak en wat op genoemde datum bestaan het en waaraan die werkgewer van daardie werknemer op genoemde datum 'n deelnemer was, of op die werkgewer van sodanige werknemer gedurende slegs dié tydperk waarin sodanige ander fonds voortbestaan en beide die werkgewer en die werknemer deelnemers daaraan is, van toepassing nie indien die voordele wat sodanige ander fonds verskaf, na die mening van die Raad, oor die algemeen nie minder gunstig is nie as die voordele wat deur die Raad se fonds verskaf word.

## DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 987.] [5 July 1963.

### INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

### FURNITURE INDUSTRY, NATAL.

### BENEFIT FUND AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Furniture Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending five years from the said Monday, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (*a*), 2 and 5 (4), shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending five years from the said second Monday, upon all employers and employees other than those referred to in pargraph (*a*) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umzimkulu.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

### SCHEDULE.

### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, NATAL.

### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Natal Furniture Manufacturers Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers organisation"), of the one part, and the

Furniture Workers Industrial Union (Natal)

(hereinafter referred to as "the employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Natal.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

(*a*) The terms of this Agreement shall be observed in the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umzimkulu, by all employers who are members of the employers' organisation and are engaged in the Furniture Industry and by all employees who are members of the trade union and are employed in that Industry.

(*b*) Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*), the terms of this Agreement shall—

(i) only apply to employees for whom wages are prescribed in the Main Agreement, and to the employers of such employees;

(ii) not apply to any employee who at the date of coming into operation of this Agreement is, or thereafter becomes, a participant in and member of any other fund providing pension and/or provident benefits, which was in existence on the said date and in which the employer of that employee was on the said date a participant, or to the employer of such employee, during such period only as such other fund continues to operate and both employer and employee are participants therein, if in the opinion of the Council the benefits which such other fund provides are on the whole not less favourable than the benefits provided by the Council's fund.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 14 April 1963, of op dié datum wat die Minister van Arbeid mag vasstel en bly van krag vir 'n tydperk van vyf jaar of vir dié tydperk wat hy mag bepaal.

3. WOORDOMSKRYWING.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en waar daar van 'n Wet melding gemaak word, word ook alle wysigings van sodanige Wet bedoel, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, word daar met woorde wat die manlike geslag aandui, ook vrouens bedoel.

Tensy onbestaanbaar met die sinsverband, is onderstaande woordomskrywings in hierdie Ooreenkoms van toepassing:—

"Wet" beteken die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

"vakleerling" beteken 'n leerling wat werksaam is ooreenkomstig 'n skriftelike vakleerlingkontrak wat ingevolge die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, geregistreer is of geag word geregistreer te wees, en ook 'n minderjarige wat ingevolge daardie Wet op proef werksaam is;

"voordeel" beteken, met betrekking tot 'n lid, die bedrag gemeld in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms;

"bydraes" beteken die bedrag, soos voorgeskryf in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms, wat deur die werkgewer aan die Fonds betaalbaar is;

"Raad" beteken die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Natal, soos ingevolge die bepalings van artikel *negentien* van die Wet geregistreer;

"dag" beteken, met betrekking tot die betaling van 'n voordeel, enige dag van Maandag tot Vrydag in 'n bepaalde week;

"afhanklike" beteken, met betrekking tot 'n lid, die vrou of ander persoon wat geheel en al van sodanige lid afhanklik is vir sy onderhoud, wat die Bestuurskomitee daarvan oortuig het dat hy aldus afhanklik is en wat as sodanig by die Raad geregistreer is;

"bevoegde werknemer" beteken 'n werknemer in die Meubelnywerheid vir wie lone in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word, maar uitgesonderd voormanne of ondervoormanne wat 'n basiese loon van meer as R18 per week verdien, kantoorwerknemers, vakleerlinge en werknemers wat jonger as 20 jaar of wat 60 jaar en ouer is;

"bedryfsinrigting" beteken enige plek waar die Meubelnywerheid, soos hierin omskryf, beoefen word;

"boekjaar" beteken die jaar eindigende op die laaste dag van Februarie elke jaar;

"Fonds" beteken die Bystandfonds vir die Meubelnywerheid, Natal, soos gestig ooreenkomstig die bepalings van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 475 van 28 Maart 1958;

"Meubelnywerheid" of "Nywerheid" beteken, sonder om die gewone betekenis van die woord enigerwyse te beperk, die vervaardiging, hetsy in hul geheel of gedeeltelik, van alle soorte meubels, afgesien van die materiaal wat gebruik word, en onder andere ook die volgende werksaamhede:—

Herstel-, stoffeer-, herstoffeer-, beits-, spuit- of poleerwerk en/of herpoleerwerk, die maak van los oortreksels en/of stoelkussings en/of gordyne en/of die maak en/of herstel van raamveermatrasse en/of rame vir stoffeerwerk, houtmasjienwerk, fineerwerk, houtdraaiwerk, houtsneewerk in verband met die vervaardiging en/of herstel van meubels, poleer- en/of herpoleerwerk aan klaviere of die vervaardiging van en/of beitswerk, spuitwerk en poleerwerk en/of herpoleerwerk aan meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroeë of teaters, kabinette vir musiekinstrumente en radio- of draadloos-kabinette en ook die vervaardiging van of die prosesse vir die vervaardiging van beddegoed, wat so omskryf en uitgelê moet word dat dit alle soorte matrasse, veermatrasse, beleglae, kussings, peule en stoelkussings insluit, en ook die werksaamhede wat uitgevoer word op alle persele waar houtmasjienwerk, houtdraaiwerk en/of houtsneewerk uitgevoer word in verband met die vervaardiging van meubels; en ook nog herstel-, herstoffeer- of herpoleerwerk aan meubels in of in verband met bedryfsinrigtings waarin die vervaardiging van meubels of 'n werksaamheid wat in verband staan met die finale bereiding van 'n meubelstuk vir verkoop, òf in sy geheel òf in dele uitgevoer word, en die fineerwerk aan gelamelleerde blokbord- of laaghoutdeure wat vir meubels gebruik word, en alle gedeeltes van materiaal wat by die vervaardiging van meubels gebruik word, maar uitgesonderd die vervaardiging van meubels wat hoofsaaklik van mandjiesgoed, gras en/of rottang gemaak is, en die vervaardiging van metaalmeubels;

"siekte" beteken 'n ongesteldheid, besoeking of kwaal wat nie aan die wangedrag van die betrokke lid of aan oormatige gebruik van bedwelmende drank of verdowingsmiddels, swangerskap en/of siekte wat daaruit voortspruit, toegeskryf kan word nie en wat nie 'n siekte, kwaal of ongeskiktheid is ten opsigte waarvan vergoeding ingevolge die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is nie;

"Hoofooreenkoms" beteken 'n geldende Ooreenkoms van die Meubelnywerheid, Natal, gepubliseer ingevolge die bepalings van artikel *agt-en-veertig* van die Wet waarin lone voorgeskryf word of, by gebrek aan so 'n Ooreenkoms, die laaste Loonooreenkoms wat ingevolge die bepalings van die Wet vir die Meubelnywerheid, Natal, gepubliseer is;

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on the 14th April, 1963, or a date as may be fixed by the Minister of Labour, and shall continue in force for a period of five years or such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act, any reference to an Act shall include any amendments to such Act and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall also include females.

Unless inconsistent with the context the following definitions shall apply in this Agreement:—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered or deemed to be registered under the provision of the Apprenticeship Act, 1944, and includes a minor serving under probation in terms of that Act;

"benefit" means in relation to a member the amount specified in Annexure A of this Agreement;

"contributions" means the amount payable by the employer to the Fund as prescribed in Annexure A of this Agreement;

"Council" means the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, registered in terms of section *nineteen* of the Act;

"day" means in relation to the payment of benefit any day from Monday to Friday in any one week;

"dependant" means in relation to a member, the wife or any other person wholly dependent upon such member for maintenance, who satisfies the Management Committee that he is so dependent and is registered with the Council as such;

"eligible employee" means an employee in the Furniture Industry for whom wages are prescribed in the Main Agreement, but excludes foremen or charge hands earning more than R18 per week basic wage, office employees, apprentices and employees under the age of 20 years or of the age of 60 years and over;

"establishment" means any place where the Furniture Industry as defined herein, is carried on;

"financial year" means the year ending on the last day of February in each year;

"Fund" means the Benefit Fund for the Furniture Industry, Natal, established in terms of the Agreement published under Government Notice No. 475 of the 28th March, 1958;

"Furniture Industry" or "Industry" means—without in any way limiting the ordinary meaning of the expression—the manufacture either in whole or part of all types of furniture irrespective of the materials used, and shall include, *inter alia*, the following operations:—

Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing, and/or repolishing, making of loose covers, and/or cushions, and/or curtains, and/or the making and/or repairing of box-spring mattresses, and/or frames for upholstering, wood-machining, veneering, woodturning, carving in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos, or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tea-room, office, church, school, bar or theatre furniture, cabinets for musical instruments and radio or wireless cabinets and shall include the manufacture or processes in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which shall include all manner of types of mattresses, spring-mattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, and includes the activities carried on in any premises where wood-machining, wood-turning and/or carving in connection with the production of furniture is carried on, and includes further, the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale, either in whole or in part is carried on, and the veneering of laminated block-board or plywood doors used for furniture, and all parts of materials used in the construction of furniture, but excludes the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane, and the manufacture of metal furniture;

"illness" means any sickness, affliction or disease which is not attributable to misconduct on the part of the member concerned or to excessive indulgence in intoxicating liquors or drugs, pregnancy and/or sickness arising therefrom, and which is not an illness, disease or disability in respect of which compensation is payable in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941;

"Main Agreement" means any current Agreement for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, published in terms of section *forty-eight* of the Act, in which wages are prescribed, or in the absence of such an Agreement, the last wage Agreement published for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, in terms of the Act;

"lid" beteken, met uitsondering van die gebruik daarvan in klousule 5 van hierdie Ooreenkoms, 'n bevoegde werknemer namens wie daar 'n bydrae aan die Fonds betaal is;
"kredit van 'n lid" beteken die bedrag wat ten behoewe van 'n lid aan die Fonds betaal is, min 'n bedrag wat vir administrasiedoeleindes afgetrek is;
"kantoorwerknemer" beteken 'n werknemer wat klerklike werk verrig en wat nie enigeen van die klasse werk verrig wat in afdelings (I) tot (XV) van lys A van die Hoofooreenkoms genoem word nie;
"gekwalifiseerde lid" beteken 'n lid ten behoewe van wie 40 weeklikse bydraes aan die Fonds betaal is;
"besoldiging" beteken 'n geldbedrag wat betaal word of verskuldig is aan 'n persoon en wat op enige wyse, van watter aard ook, uit diens voortspruit;
"Sekretaris" beteken die Sekretaris van die Fonds wat kragtens klousule 5 (3) van hierdie Ooreenkoms aangestel is;
"totale kredit" beteken, met betrekking tot 'n lid, die totaal van die bydraes wat aan die Fonds betaal is, plus alle bonusse wat die Raad ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms by sodanige bedrag gevoeg het, min aftrekkings daarvan vir die administrasie van die Fonds en die bedrag van enige voordeel wat voorheen betaal is;
"loon" beteken die loon wat vir elke klas werk in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word.

4. STIGTING.

(1) Die Fonds, wat as die "Bystandfonds vir die Meubelnywerheid" bekend staan, wat op 14 April 1958, ooreenkomstig die bepalings van klousule 4 van die Bystandfondsooreenkoms vir die Meubelnywerheid, Natal, gestig is en wat gepubliseer is by Goewermentskennisgewing No. 475 van 28 Maart 1958, word hierby voortgesit.

(2) Die Fonds bestaan uit—

(*a*) bydraes ooreenkomstig die bepalings van klousule 7;
(*b*) rente op beleggings; en
(*c*) ander bedrae wat ontvang word deur of toeval aan die Fonds.

(3) Die Fonds word gebruik vir die betaling, aan lede of hul afhanklikes (ingeval van dood), van die voordele soos bedoel in klousule 8 (1).

5. ADMINISTRASIE.

(1) (*a*) Die Fonds word geadministreer deur die Raad, wat 'n Bestuurskomitee bestaande uit twee verteenwoordigers van die werkgewers en twee verteenwoordigers van die werknemers en waarvan een die Voorsitter en een die Ondervoorsitter van die Komitee moet wees, moet aanstel om die Fonds te bestuur en te administreer; met dien verstande dat die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris bevoeg is om aansoeke om voordele te behandel wat tussen vergaderings van die Bestuurskomitee ingedien word.

(*b*) Vir elke lid van die Bestuurskomitee soos bedoel in paragraaf (*a*) hiervan, moet die Raad 'n sekundus aanstel om die pligte van sodanige lid in sy afwesigheid uit te voer.

(2) Die Bestuurskomitee het, behoudens die goedkeuring van die Raad, die bevoegdheid om regulasies vir die bestuur en administrasie van die Fonds op te stel wat nie met hierdie Ooreenkoms onbestaanbaar is nie. 'n Kopie van sodanige regulasies moet by die Sekretaris van Arebid ingedien word.

(3) Die Raad moet 'n Sekretaris en ander beamptes van die Fonds aanstel en moet die bestek van hul pligte en hul diensvoorwaardes bepaal.

(4) Die Raad mag een of meer bepaalde persone as agente aanstel om te help om uitvoering aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms te gee, en dit is die plig van elke werkgewer om sodanige agente toe te laat om sy persele te betree, dié navrae te doen en te voltooi en dié dokumente, boeke en registers te ondersoek, dié individue te ondervra en dié stappe te doen wat nodig mag wees om vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word. Niemand mag 'n valse verklaring aan sodanige agent in die loop van sy ondersoek maak nie.

Elkeen op wie die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing is, moet aan die agent al die fasiliteite verleen wat hierbo genoem word.

6. LIDMAATSKAP.

(1) 'n Bevoegde werknemer is verplig om lid van die Fonds te wees.

(2) Elke lid moet by die Raad geregistreer wees en moet 'n vorm wat die Raad vir hierdie voorskryf, invul en ook dié ander inligting verstrek wat die Bestuurskomitee mag vereis.

(33) Indien 'n lid versuim om aan die bepalings van subklousule (2) hiervan te voldoen, het die Bestuurskomitee die reg om die betaling van 'n voordeel wat aan of ten opsigte van so 'n lid uit die Fonds betaalbaar mag word, na sy goedvinde op te skort tot tyd en wyl daar aan sodanige bepaling voldoen is.

(4) Wanneer 'n lid se totale kredit aan hom betaal is ooreenkomstig die bepalings van subklousule (5), (6) en (7) van klousule 8 hiervan, is hy nie meer 'n lid nie.

7. BYDRAES.

(1) Elke werkgewer van 'n bevoegde werknemer moet ten opsigte van elke week 'n bedrag tot die Fonds bydra wat gebaseer is op die loon wat vir sodanige werknemer in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word.

"member", except where it occurs in clause 5 of this Agreement, means an eligible employee on behalf of whom a contribution has been paid to the Fund;
"member's credit" means the amount that has been contributed to the Fund on behalf of a member, less an amount deducted for administration purposes;
"office employee" means an employee employed on clerical work and who does not perform any of the classes of work mentioned in Sections (I) to (XV) of Schedule "A" of the Main Agreement;
"qualified member" means a member on behalf of whom 40 weekly contributions have been paid to the Fund;
"remuneration" means any payment in money made or owing to any person which arises in any manner whatsoever out of employment;
"Secretary" means the secretary of the Fund appointed in terms of clause 5 (3) of this Agreement;
"total credit" means in relation to a member the sum of the contributions paid to the Fund plus any bonus added to such amount by the Council in terms of this Agreement, less deductions made therefrom for the administration of the Fund, and the amount of any benefit previously paid;
"wage" means the wage prescribed for each class of work in the Main Agreement.

4. ESTABLISHMENT.

(1) The Fund, known the the "Benefit Fund for the Furniture Industry", established on the 14th April, 1958, in terms of clause 4 of the Benefit Fund Agreement for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, published under Government Notice No. 475 dated 28th March, 1958, as hereby continued.

(2) The Fund shall consist of:—

(*a*) Contributions in terms of clause 7;
(*b*) interest on investments; and
(*c*) other amounts received by or accrued to the Fund.

(3) The Fund shall be utilised for the purpose of payment to members or their dependants (in the case of death) of the Benefits referred to in clause 8 (1).

5. ADMINISTRATION.

(1) (*a*) The Fund shall be administered by the Council who shall appoint a Management Committee consisting of two representatives of the employers and two representatives of the employees, of whom one shall be the Chairman and one the Vice-Chairman of the Committee, to manage and administer the Fund; provided that the Chairman, Vice-Chairman and Secretary shall be empowered to deal with applications for benefits between meetings of the Management Committee.

(*b*) For every member of the Management Committee as provided in paragraph (*a*) herein, the Council shall appoint an alternate who shall perform the duties of such member in his absence.

(2) The Management Committee shall, subject to the approval of the Council, have the power to make regulations for the management and administration of the Fund that are not inconsistent with this Agreement. A copy of any such regulations shall be lodged with the Secretary for Labour.

(3) The Council shall appoint a Secretary and any other officers of the Fund and shall determine the scope of their duties and conditions of employment.

(4) The Council may appoint one or more specified persons as agents, to assist in giving effect to the terms of this Agreement, and it shall be the duty of every employer to permit such agents to enter the premises, institute and complete such inquiries, to examine such documents, books and records, and to interrogate any individual and to do all such acts as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed. No person shall make a false statement to such agent during the course of his investigations.

Every person upon whom the provisions of this Agreement are binding shall grant the agent all the facilities referred to.

6. MEMBERSHIP.

(1) Membership of the Fund shall be compulsory for an eligible employee.

(2) Every member shall be registered with the Council and shall complete a form prescribed by the Council for this purpose and shall also give such other information as the Management Committee may require.

(3) If a member should make a default in complying with the provisions of sub-clause (2) hereof, the Management Committee shall have the right in its discretion to suspend the payment of any benefit that may become payable from the Fund to or in respect of such member until such provisions have been complied with.

(4) A member shall cease to be a member upon his total credit having been paid to him in terms of sub-clauses (5), (6), and (7) of clause 8 hereof.

7. CONTRIBUTIONS.

(1) Every employer of an eligible employee shall contribute to the Fund in respect of each week an amount based on the wage prescribed for such employee in the Main Agreement.

(2) Die bedrag wat ingevolge subklousule (1) betaalbaar is, is dié soos genoem in Aanhangsel A hiervan; met dien verstande dat geen bydrae ten opsigte van 'n week gemaak mag word nie indien die werknemer minder as ses en 'n kwart uur gedurende daardie week gewerk het.

(3) Die bedrae wat ingevolge die bepalings van subklousule (1) en (2) betaalbaar is, moet voor of op die tiende dag van elke maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 1554, Durban, betaal word.

(4) Elke werkgewer moet dié besonderhede en dié inligting in verband met lede en bydraes wat deur die Bestuurskomitee vir die doel van die Fonds vereis word, verstrek.

(5) Die Raad moet 'n register hou van elke lid ten opsigte van wie bedrae aan die Fonds betaal word ooreenkomstig die bepalings van subklousule (1) en (2) en van die bedrag wat ten opsigte van sodanige werknemer aan die Fonds betaal is.

(6) Die bedrae wat ingevolge die bepalings van subklousule (1) en (2) betaalbaar is, moet benewens die besoldiging wat ingevolge die bepalings van die Hoofooreenkoms aan 'n werknemer betaalbaar is, deur die werkgewer betaal word en mag nie van die besoldiging van sodanige werknemer afgetrek word nie.

8. VOORDELE.

(1) Voordele is aan 'n gekwalifiseerde lid betaalbaar ten opsigte van siekte, uitdienstreding by of na bereiking van die leeftyd van 60 jaar of wanneer hy permanent liggaamlik ongeskik raak as gevolg waarvan hy hoegenaamd nie meer in die Nywerheid kan werk nie, of aan sy afhanklikes in geval van sy dood.

(2) Geen voordeel is egter vir siekte betaalbaar nie indien die werknemer vir minder as drie agtereenvolgende dae van die werk afwesig is.

(3) Aansoeke om voordele moet by die Sekretaris van die Fonds ingedien word op 'n vorm wat die Raad voorskryf en moet vergesel gaan van—

(*a*) in die geval van siekte, 'n doktersertifikaat;
(*b*) in die geval van uitdienstreding, 'n geboortesertifikaat;
(*c*) in die geval van permanente liggaamlike ongeskiktheid 'n doktersertifikaat; of
(*d*) in die geval van dood, 'n sterftesertifikaat.

(4) Indien 'n lid weens siekte van die werk afwesig is, is hy op 'n voordeel wat eweredig is aan die bydrae wat ten behoewe van hom aan die Fonds betaal is, soos gemeld in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms, geregtig vir 'n tydperk van tien werkdae nadat veertig weke se bydraes ten opsigte van sodanige lid aan die Fonds betaal is, en op 'n verdere dag se voordeel vir elke addisionele drie weke se bydraes waarmee hy in die Fonds gekrediteer is, behoudens 'n maksimum van dertig dae se voordele gedurende enige tydperk van twaalf maande.

(5) (*a*) Ondanks die bepalings van subklousule (1), is 'n gekwalifiseerde lid wat deur sy werkgewer ontslaan is, by bewyslewering—

(i) dat hy permanent buite die Nywerheid werksaam is; of
(ii) dat hy sy eie sakeonderneming gestig het; of
(iii) dat hy vir 'n tydperk van minstens 12 maande werkloos was;

daarop geregtig om 'n bedrag te ontvang wat gelyk is aan sy totale kredit, min tien persent. Die saldo van sy kredit kom die Fonds toe.

(*b*) Die bepalings van paragraaf (*a*) is van toepassing op lede wat die Nywerheid uit eie beweging verlaat; met dien verstande dat die bedrag wat van hul totale kredit afgetrek moet word, 15 persent is.

(*c*) Geen eis word ooreenkomstig die bepalings van hierdie subklousule betaal nie totdat 'n tydperk van ses maande verloop het sedert die lid laas in die Nywerheid werksaam was.

(6) Die kredit van 'n lid wat, wanneer hy die Nywerheid verlaat, nie vir 'n voordeel gekwalifiseer het nie, kom die Fonds toe; met dien verstande dat as hy binne 12 maande weer in die Nywerheid in diens geneem word, hy gekrediteer moet word met die bedrag wat op sy naam in die Fonds staan.

(7) Die totale kredit van 'n lid moet ten opsigte van siekte, uitdienstreding, ongeskiktheid of dood betaal word soos bepaal in subklousule (1); met dien verstande dat, as daar nie 'n afhanklike soos in klousule 3 omskryf is nie, die Bestuurskomitee moet besluit of 'n lid 'n afhanklike of afhanklikes nagelaat het en aan watter afhanklike of afhanklikes en in watter verhoudings die bedrag wat ingevolge hierdie subklousule betaalbaar is, betaal moet word.

(8) Die Bestuurskomitee het die reg om van 'n lid wat aansoek doen, te vereis om voor of gedurende die tydperk waarvoor 'n voordeel geëis word, medies ondersoek te word deur 'n dokter wat deur die Komitee benoem is met die doel om 'n addisionele mediese verslag te verkry.

(9) Tensy redes tot die tevredenheid van die Bestuurskomitee aangevoer word, word geen eis vir 'n voordeel erken nie indien die siekte vroeër as drie maande voor sodanige aansoek om 'n voordeel begin het.

(10) Die Raad mag, op aanbeveling van die Bestuurskomitee en met inagneming van die beperking ten opsigte van sodanige lid se kredit, aan 'n lid 'n voordeel toestaan vir 'n langer tydperk as dié hierbo bepaal.

(11) Indien 'n gekwalifiseerde lid versuim om binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop die voordele voorgeskryf in subklousule (4), (5) en (7), betaalbaar geword het,

(2) The amount payable in terms of sub-clause (1) shall be that specified in Annexure A hereof, provided that no contribution shall be made in respect of a week if the employee has worked less than six and one-quarter hours during that week.

(3) The amounts payable in terms of sub-clauses (1) and (2) shall be paid not later than the tenth day of each month following that in respect of which they are due, to the Secretary of the Council, P.O. Box 1554, Durban.

(4) Every employer shall give particulars of and such information relative to the members and contributions as may be required by the Management Committee for the purpose of the Fund.

(5) The Council shall keep a record of each member in respect of whom payments are made to the Fund, in terms of sub-clause (1) and (2), and of the amount paid to the Fund in respect of such employee.

(6) The amounts payable in terms of sub-clauses (1) and (2) shall be paid by the employer in addition to any remuneration payable to an employee in terms of the Main Agreement and shall not be deducted from the remuneration of such employee.

8. BENEFITS.

(1) Benefits shall be payable to a qualified member in respect of illness, retirement on or after reaching the age of 60 years or permanent physical disability rendering him totally unfit for employment in the Industry, or to his dependants in the case of his death.

(2) No benefit shall however be payable for illness if absence from work is less than three consecutive days.

(3) Application for benefits shall be lodged with the Secretary of the Fund on a form prescribed by the Council and shall be accompanied by—

(*a*) in the case of illness, a doctor's certificate;
(*b*) in the case of retirement, a birth certificate;
(*c*) in the case of permanent physical disability, a doctor's certificate; or
(*d*) in the case of death, a death certificate.

(4) If absent from work due to illness, a member shall be entitled to the rate of benefit in relation to the contribution paid to the Fund on his behalf, as shown in Annexure A of this Agreement, for a period of 10 working days after 40 weeks contributions have been paid into the Fund in respect of such member, and to a further one day's benefit for each additional three weeks contributions to his credit in the Fund, subject to a maximum of 30 days benefit during any period of twelve months.

(5) (*a*) Notwithstanding the provisions of sub-clause (1), a qualified member who was discharged by his employer shall, on production of proof—

(i) that he is permanently employed outside the Industry; or
(ii) that he has established his own business; or
(iii) that he has been unemployed for a period of not less than 12 months;

be entitled to receive an amount equal to his total credit, less 10 per cent. The balance of his credit shall accrue to the Fund.

(*b*) The provisions of paragraph (*a*) shall apply to members leaving the industry of their own accord provided that the amount to be deducted from their total credit shall be 15 per cent.

(*c*) No claim in terms of this sub-clause shall be paid until a period of six months shall have elapsed since the member was last employed in the Industry.

(6) The credit of a member who does not qualify for benefit on leaving the Industry shall accrue to the Fund, provided that if he is re-employed in the Industry within twelve months, he shall be credited with the amount standing in his name in the Fund.

(7) The total credit in relation to a member shall be paid in respect of illness, retirement, disability or death, as referred to in sub-clause (1), provided that in the absence of a dependant as defined in clause 3, the Management Committee shall decide whether a deceased member left a dependant or dependants and to which dependant or dependants and in what proportions the amount payable in terms of this sub-clause shall be paid.

(8) The Management Committee shall have the right to require the applicant member to be medically examined by a doctor nominated by them for an additional medical report before or during the period for which benefit is claimed.

(9) Unless reasons satisfactory to the Management Committee are produced, no claim for benefit shall be recognised if illness commenced earlier than three months prior to such application for benefit.

(10) The Council may on the recommendation of the Management Committee grant to a member benefit for a period in excess of that laid down subject to the limitation of such member's credit.

(11) In the event of a qualified member failing to apply for any of the benefits prescribed in sub-clauses (4), (5) and (7), within a period of twelve months from the date on which any such

aansoek om sodanige voordele te doen, val sodanige voordeel die Fonds toe; met dien verstande dat die Bestuurskomitee na sy goedvinde 'n *ex gratia* bedrag aan sodanige lid of, ingeval van sy dood, aan sy afhanklikes mag betaal.

(12) Geen voordeel vir siekte gedurende die tydperk waarin die Meubelnywerheid vir die jaarlikse vakansie gesluit is of vir siekte op Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartdag of Geloftedag, is betaalbaar nie.

(13) Elke lid het die reg om by die Raad appèl aan te teken in verband met enige saak wat op die betaling van voordele betrekking het.

9. FINANSIËLE BEPALINGS.

(1) Alle gelde wat deur die Fonds ontvang word, moet gestort word in 'n bankrekening wat op die naam van die Fonds geopen is.

(2) Die Bestuurskomitee is bevoeg om die gelde van die Fonds op enigeen van die volgende maniere te belê:—

(*a*) In effekte van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika of effekte van plaaslike besture;
(*b*) in Nasionale Spaarsertifikate;
(*c*) in Posspaarbankrekenings of -sertifikate;
(*d*) in spaarrekenings, permanente aandele of vaste deposito's in bouverenigings of banke;

of op enige ander manier wat die Registrateur goedkeur.

(3) Alle sekuriteite moet op naam van die Fonds geregistreer word. Geen sekuriteit mag oorgedra, verander, van die hand gesit of op 'n ander manier vervreem word nie tensy die Raad goedkeuring daartoe verleen.

(4) (*a*) Al die uitgawes in verband met die bestuur en administrasie van die Fonds, met inbegrip van die koste verbonde aan ouditering en belegging van gelde wat die Fonds toeval, moet deur die Raad betaal word, en as teenprestasie daarvoor moet die Bestuurskomitee aan die begin van elke boekjaar 'n persentasie vasstel wat elke maand afgetrek moet word van die bydraes wat deur die Fonds ontvang word, en die bedrag aldus bepaal en afgetrek, moet in die algemene fondse van die Raad gestort word.

(*b*) Gelde wat ooreenkomstig die bepalings van subklousule (5), (6) en (11) van klousule 8 aan die Fonds toeval, moet gestort word in 'n Reserwerekening wat ten voordele van die lede deur die Bestuurskomitee geadministreer moet word.

(5) Die Bestuurskomitee moet op 'n volledige en juiste manier laat boekhou van die Fonds, en aan die einde van elke boekjaar moet die ouditeur van die Raad, wat 'n openbare rekenmeester moet wees, sodanige boeke ouditeer en 'n rekeningstaat opstel.

(6) Die Bestuurskomitee moet aan die Raad 'n jaarverslag voorlê oor die Fonds, en sodanige jaarverslag moet 'n balansstaat van die Fonds, 'n rekening van die inkomste en uitgawes vir die boekjaar en 'n staat wat die Fonds se bates en laste toon, bevat. Sodanige balansstaat, rekening en staat moet gesertifiseer word deur die Raad se ouditeur en medeonderteken word deur die Voorsitter van die Raad en moet binne drie maande na verstryking van die tydperk wat daardeur gedek word, saam met 'n verslag daaroor deur genoemde ouditeur, deur die Raad aan die Registrateur gestuur word. Kopieë van sodanige stukke moet beskikbaar wees vir insae deur 'n werkgewer of 'n lid.

(7) Die Bestuurskomitee moet 'n volledige register laat hou van alle noodsaaklike besonderhede in verband met die lede en van alle sterfgevalle, betalings en ander sake wat vir die administrasie van die Fonds noodsaaklik is.

(8) Indien die Bestuurskomitee om enige rede, van watter aard ook, versuim om uitvoering te gee aan die pligte wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aan hom toevertrou word, moet sodanige pligte deur die Raad uitgevoer word, en ingeval die Raad nie meer funksioneer nie, is die bepalings van klousule 10 (2) van toepassing.

(9) Die Raad moet, na ontvangs en aanname van die inkomste- en uitgawerekening en balansstate van die Fonds elke jaar, die bedrag wat beskikbaar is vir toewysing as 'n bonus aan lede van die Fonds vasstel, en die wyse van sodanige toewysing bepaal.

10. LIKWIDASIE.

(1) Ingeval hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan verval weens verloop van tyd of om 'n ander rede gestaak word, moet die Bestuurskomitee aanhou om die Fonds te administreer totdat die Raad dit òf gelikwideer òf oorgedra het na 'n ander fonds wat vir dieselfde of 'n dergelike doel ingestel is as dié waarvoor die oorspronklike Fonds gestig is.

(2) Ingeval die Raad ontbind of ophou om te funksioneer gedurende 'n tydperk waarin hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan bindend is ooreenkomstig die bepalings van die Wet, moet die pligte en funksies van die Raad in verband met hierdie Ooreenkoms oorgeneem word deur die Bestuurskomitee, wat moet aanhou om die Fonds te administreer, en die lede van die Bestuurskomitee op die datum waarop die Raad ophou om te funksioneer of ontbind, word vir sodanige doeleindes geag lede daarvan te wees; met dien verstande egter dat 'n vakature wat in sodanige Komitee mag ontstaan, deur die Registrateur gevul mag word uit die geledere van die werkgewers of die werknemers in die Nywerheid, na gelang van die geval, ten einde te verseker dat die verteenwoordigers, en hul sekundi, van die werkgewers en die werknemers in sodanige Komitee uit ewe groot getalle bestaan. Ingeval sodanige Komitee nie daartoe in staat is nie of onwillig is om sy pligte uit te voer of ingeval dit voor 'n dooie punt te staan kom wat die administrasie van die Fonds

benefit became due, the benefit in question shall accrue to the Fund; provided that the Management Committee may in its discretion make an *ex-gratia* grant to such member, or in the event of his death, to his dependants.

(12) No benefit shall be payable for illness during the period the Furniture Industry is closed down for the annual holiday or on Good Friday, Easter Monday, Ascension Day or the Day of the Covenant.

(13) Every member shall have the right to appeal to the Council in connection with any matter relating to the payment of benefits.

9. FINANCIAL PROVISIONS.

(1) All moneys received on account of the Fund shall be paid into a banking account opened in the name of the Fund.

(2) The Management Committee is empowered to invest the moneys of the Fund in any of the following ways:—

(*a*) Stocks of the Government of the Republic of South Africa or local government stocks;
(*b*) National Savings Certificates;
(*c*) Post Office Savings accounts or certificates;
(*d*) Savings accounts, permanent shares or fixed deposits in Building Societies or Banks;

or in any other manner approved by the Registrar.

(3) All securities shall be registered in the name of the Fund. No security shall be transferred, varied, disposed of or otherwise alienated except with the approval of the Council.

(4) (*a*) The whole of the expenses in connection with the management and administration of the Fund, including the cost of audit and the investment of monies accruing thereto, shall be paid by the Council, in consideration of which the Management Committee shall, at the beginning of each financial year, determine a percentage to be deducted each month from the contributions received by the Fund, and the amount so determined and deducted shall be paid to the general funds of the Council.

(*b*) Monies which accrue to the Fund in terms of sub-clauses (5), (6) and (11) of clause 8, shall be placed in a Reserve Account which shall be administered by the Management Committee for the benefit of the members.

(5) The Management Committee shall cause full and true accounts of the Fund to be kept, such account to be made up and to be audited by the auditor of the Council, who shall be a Public Accountant, at the end of every financial year.

(6) The Management Committee shall present to the Council an annual report on the working of the Fund containing a balance sheet of the Fund, an account of the revenue and expenditure for the financial year, and a statement showing the Fund's assets and liabilities. Such balance sheet, account and statement shall be certified by the Council's auditor and countersigned by the Chairman of the Council, and shall within three months after the close of the period covered thereby, be transmitted by the Council to the Registrar, together with any report made thereon by the said auditor. Copies of such documents shall be available for inspection by any employer or member.

(7) The Management Committee shall cause to be kept a complete record of all necessary particulars of the members and of all deaths, payments and other matters essential to the working of the Fund.

(8) Should the Management Committee for any reason whatsoever fail to discharge any of the duties entrusted to it in terms of this Agreement, such duties shall devolve on the Council, and in the event of the Council having ceased to function the provisions of clause 10 (2) shall apply.

(9) The Council shall, after the receipt and adoption of the Revenue and Expenditure Account, and Balance Sheets of the Fund each year, determine the amount available for the allocation of a bonus to members of the Fund, and the manner of such allocation.

10. LIQUIDATION.

(1) In the event of the expiry of the Agreement or any extension thereof by effluxion of time or cessation for any other cause, the Fund shall continue to be administered by the Management Committee until it be either liquidated or transferred by the Council to any other Fund constituted for the same or similar purpose as that for which the Fund was established.

(2) In the event of the dissolution of the Council or in the event of its ceasing to function during any period in which this Agreement or any extension thereof is binding in terms of the Act, its duties and functions in relation to this Agreement shall be taken over by the Management Committee which shall continue to administer the Fund and the members of the Management Committee at the date on which the Council ceases to function or is dissolved shall be deemed to be members thereof for such purposes, provided however, that any vacancy occurring in such committee may be filled by the Registrar from employers or employees in the Industry, as the case may be, so as to ensure an equality of employer and employee representatives and of alternates in the membership of such Committee. In the event of such Committee being unable or unwilling to discharge its duties or a deadlock arising thereon which renders the administration of the Fund impracticable or undesirable in the opinion

na die mening van die Registrateur ondoenlik of onwenslik maak, mag hy 'n trustee of trustees aanstel om die pligte van sodanige Komitee uit te voer, en sodanige trustee of trustees besit vir sodanige doel al die bevoegdhede van sodanige Komitee. By verstryking van hierdie Ooreenkoms, moet die Fonds gelikwideer word op die manier voorgeskryf in subklousule (3) en (5).

(3) Ingeval die Fonds gelikwideer word, moet die gelde in die Fonds op onderstaande manier en in ondergenoemde volgorde gedistribueer word:—

(*a*) Die administrasie- en likwidasiekoste moet betaal word;

(*b*) elke lid moet sy eweredige deel van die totale bedrag waarmee hy gekrediteer is, betaal word;

met dien verstande dat, met uitsondering van die geval waar die Raad ontbind word, geen distribusie ooreenkomstig die bepalings van hierdie klousule vir 'n tydperk van twaalf maande na die verstryking van hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan gemaak mag word nie, en indien daar gedurende sodanige tydperk 'n ander fonds ingestel word vir dieselfde of 'n dergelike doel as dié waarvoor die Fonds gestig is, die aandeel in die totale bates van die Fonds, bepaal op dieselfde manier en in dieselfde volgorde soos in paragrawe (*a*) en (*b*) hierbo voorgeskryf, ten opsigte van lede wat lede van sodanige ander fonds word, na sodanige ander fonds oorgedra moet word; met dien verstande voorts dat die aandele van elke lid, soos bepaal in paragraaf (*b*) hierbo, in sodanige ander fonds in sy kredit moet staan op dieselfde manier asof dit sy totale kredit in die Fonds was.

(4) Die Raad mag te eniger tyd 'n pensioen- en/of voorsorgs- of welsynsfonds stig. Ingeval sodanige fonds gestig word, mag die Raad te eniger tyd na die publikasie van 'n pensioen- en/of voorsorgs- of welsynsfondsooreenkoms en die uitbreiding daarvan, ooreenkomstig die bepalings van artikel *agt-en-veertig* van die Wet, na nie-lede gedurende die geldigheidstermyn van sodanige Ooreenkoms, die bates van die Fonds aan sodanige pensioen- en/of voorsorgs- of welsynsfonds oordra.

(5) Enige bedrag wat in die kredit van die Fonds staan na die distribusie van die gelde van die Fonds ooreenkomstig die bepalings van subklousule (3), word onder die werkgewers verdeel in verhouding tot hul onderskeie bydraes; met dien verstande dat die totale van bedrae wat aldus dié werkgewers toekom wat 'n party by hierdie Ooreenkoms is, aan die werkgewersorganisasie betaal moet word; en voorts met dien verstande dat, as die Raad nie ontbind het nie, sodanige bedrag wat in die kredit van die Fonds bly, in die algemene fondse van die Raad gestort moet word.

### 11. Algemene bepalings.

(1) 'n Voordeel, reg of belang waarop 'n lid kragtens die bepalings van hierdie Ooreenkoms aanspraak mag maak, mag nie as grond vir skadevergoeding in 'n geding wat sodanige lid teen die werkgewer ten opsigte van sy ontslag mag instel, gebruik word nie.

(2) Geen persoon, hetsy hy 'n lid is of nie, het enige eis, reg of belang in, op of ten opsigte van die Fonds of bydraes daartoe of enige eis teen die Raad, die Bestuurskomitee of die werkgewers nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms.

(3) Behoudens die bepalings van die Insolvensiewet, 1936, en enige ander wet of regsbepaling—

(*a*) mag geen reg ten opsigte van 'n voordeel wat ingevolge hierdie Ooreenkoms betaalbaar is, gesedeer of verhipotekeer word nie en mag daar nie op sodanige reg beslag gelê word nie en is dit nie aan eksekusie ingevolge 'n uitspraak of bevel van 'n hof onderworpe nie;

(*b*) is die voordeel, indien die boedel van 'n lid of begunstigde gesekwestreer of afgestaan word, waarop sodanige lid of begunstigde geregtig is, nie deel van die bates van sy insolvente of afgestane boedel nie maar val dit terug aan die Fonds en word dit deur die Bestuurskomitee behandel op 'n manier wat daarop bereken is om sodanige lid of sy afhanklikes te bevoordeel;

(*c*) mag geen regte ten opsigte van 'n voordeel kragtens hierdie Ooreenkoms, 'n bate in die bestorwe boedel van 'n lid word nie, behalwe soos uitdruklik in hierdie Ooreenkoms bepaal.

### 12. Vrywaring.

Die lede van die Raad, Bestuurskomitee en die ampsdraers van die Fonds is nie vir die skulde en laste van die Fonds aanspreeklik nie en word hierby deur die Fonds gevrywaar teen alle verliese en uitgawes deur hulle aangegaan in of in verband met die *bona fide* uitvoering van hul pligte.

### 13. Vrystellings.

Die Bestuurskomitee mag vrystelling van enigeen van of al die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen ten opsigte van 'n werkgewer en sy werknemers en het die reg om sodanige vrystelling in te trek nadat hy minstens een maand vooraf skriftelik kennis daarvan aan die betrokke werkgewer gegee het.

### 14. Vertoning van Ooreenkoms.

Elke werkgewer moet 'n leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms in albei amptelike tale en in die vorm soos voorgeskryf by die regulasies wat kragtens die Wet opgestel is, in sy bedryfsinrigting opplak en opgeplak hou in 'n opvallende plek wat vir sy werknemers geredelik toeganklik is.

of the Registrar, he may appoint a trustee or trustees to carry out the duties of such committee and who shall possess all powers of such committee for such purposes. Upon the expiration of this Agreement, the Fund shall be liquidated in the manner set forth in sub-clauses (3) and (5).

(3) In the event of the Fund being Liquidated, the monies of the Fund shall be distributed in the following manner and priority:—

(*a*) Pay administration and liquidation expenses;

(*b*) pay to each member in cash in proportion to the amount of his total credit;

provided that except in the event of the dissolution of the Council, no distribution shall be made in terms of this clause for a period of twelve months after the expiry of this Agreement or any extension thereof, and if within such period another fund is constituted for the same or similar purpose as that for which the Fund was established, the share of the total assets of the Fund, determined and in the same priority as in paragraphs (*a*) and (*b*) above, in respect of members who have become members of such other fund, shall, be transferred to such other fund, provided further that the share of each member as determined in paragraph (*b*), above, shall stand to his credit in such other fund in the same manner as if it was his total credit in the Fund.

(4) The Council may at any time establish a pension and/or provident or welfare fund. In the event of such fund being established the Council may at any time after publication of a pension and/or provident or welfare fund agreement and the extension thereof in terms of section *forty-eight* of the Act, to non-parties during the currency of such agreement, transfer the assets of the Fund to such pension and/or provident or welfare fund.

(5) After distribution of the monies of the Fund in terms of sub-clause (3), any amount remaining to the credit of the Fund shall be apportioned among the employers in proportion to their respective contributions; provided that the total of any amounts thus accruing to the party employers, shall be paid to the employers' organisation; provided further that if the Council has not been dissolved, any such amount remaining to the credit of the Fund shall be paid into the general funds of the Council.

### 11. General Provisions.

(1) Any benefit, right or interest to which a member may claim to be entitled under the provisions of this Agreement shall not be used as a ground for damages in any action brought by such member against the employer in respect of his dismissal.

(2) No person, whether a member or otherwise, shall have any claim, right or interest upon, to or in respect of the Fund or any contributions thereto or any interest therein, or any claim upon or against the Council, the Management Committee or the employers, except under and in accordance with the provisions of this Agreement.

(3) Subject to the provisions of the Insolvency Act, 1936, and any other law—

(*a*) no right in respect of a benefit payable under this Agreement shall be capable of being ceded or of being hypothecated, and any such right shall not be liable to be attached or be subject to any form of execution under a judgement or order of a court;

(*b*) if the estate of any member or beneficiary is sequestrated or assigned, the benefit to which such member or beneficiary is entitled shall not form part of the assets in his insolvent or assigned estate but shall revert to the Fund and be dealt with by the Management Committee, in a manner calculated to benefit such member or his dependants;

(*c*) no rights in respect of a benefit under this Agreement shall become an asset in the deceased estate of any member save as is expressly provided in this Agreement.

### 12. Indemnity.

The members of the Council, Management Committee and the officers of the Fund shall not be liable for the debts and liabilities of the Fund and they are hereby indemnified by the Fund against all losses and expenses incurred by them in or about the bona fide discharge of their duties.

### 13. Exemptions.

The Management Committee may grant an exemption from any or all of the provisions of this Agreement in respect of an employer and his employees, and shall have the right to withdraw such exemption after giving at least one month's notice in writing to the employer concerned.

### 14. Exhibition of Agreement.

Every employer shall affix, and keep affixed in his establishment a legible copy of this Agreement in both official languages, in the form prescribed by regulation under the Act and in a conspicuous place where it is readily accessible to his employees.

## AANHANGSEL A.

BYDRAES DEUR WERKGEWERS [subklousule (2) van klousule 7] en
SKAAL VAN VOORDELE [subklousule (4) van klousule 8].

| *Voorgeskrewe weekloon.* | *Weeklikse bydrae.* | *Voordeel per dag.* |
|---|---|---|
| R c R c | R c | R c |
| 2 00 tot 2 50 | 0 12½ | 0 28 |
| 2 51 tot 3 00 | 0 15 | 0 35 |
| 3 01 tot 3 50 | 0 17½ | 0 43 |
| 3 51 tot 4 00 | 0 20 | 0 50 |
| 4 01 tot 4 50 | 0 22½ | 0 58 |
| 4 51 tot 5 00 | 0 25 | 0 65 |
| 5 01 tot 5 50 | 0 27½ | 0 73 |
| 5 51 tot 6 00 | 0 30 | 0 80 |
| 6 01 tot 6 50 | 0 32½ | 0 88 |
| 6 51 tot 7 00 | 0 35 | 0 95 |
| 7 01 tot 7 50 | 0 37½ | 1 03 |
| 7 51 tot 8 00 | 0 40 | 1 10 |
| 8 01 tot 8 50 | 0 42½ | 1 18 |
| 8 51 tot 9 00 | 0 45 | 1 25 |
| 9 01 tot 9 50 | 0 47½ | 1 33 |
| 9 51 tot 10 00 | 0 50 | 1 40 |
| 10 01 tot 10 50 | 0 52½ | 1 48 |
| 10 51 tot 11 00 | 0 55 | 1 55 |
| 11 01 tot 11 50 | 0 57½ | 1 63 |
| 11 51 tot 12 00 | 0 60 | 1 70 |
| 12 01 tot 12 50 | 0 62½ | 1 78 |
| 12 51 tot 13 00 | 0 65 | 1 85 |
| 13 01 tot 13 50 | 0 67½ | 1 93 |
| 13 51 en meer | 0 70 | 2 00 |

Hierdie Ooreenkoms is op 3 Desember 1962, namens die partye onderteken.

B. T. RESSEL, *Voorsitter.*
J. C. BOLTON, *Ondervoorsitter.*
B. W. MATTHEWS, *Sekretaris.*

No. 988.] [5 Julie 1963.

## WET OP NATURELLEBOUWERKERS, 1951.

### NUWE VASSTELLING.

In opdrag van die Minister van Arbeid word hierby bekendgemaak dat die Minister, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *dertien* van die Wet op Naturellebouwerkers, 1951 (Wet No. 27 van 1951), die Vasstelling, wat in die Bylae hierby verskyn, gemaak het ten opsigte van werkgewers en Naturellebouwerkers, leerlinge en ander Naturelle in diens op geskoolde werk in die Boubedryf, en kragtens subartikel (4) van genoemde artikel bepaal het dat die bepalings van hierdie Vasstelling bindend is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

### BYLAE.

1. GEBIED EN BESTEK VAN TOEPASSING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werkgewers en Naturellebouwerkers, leerlinge en ander Naturelle wat vir geskoolde werk in die Bounywerheid in diens is in Naturellegebiede soos omskryf in paragraaf (xii) van artikel *een* van die Wet, binne onderstaande gebiede:—

(1) *In die Provinsie Transvaal.*—Die landdrosdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Nigel en Springs; die gebied binne 30 myl van die Hoofposkantoor, Krugersdorp; die gebied binne 20 myl van die Hoofposkantore, Pretoria en Vereeniging; die gebied binne 10 myl van die Hoofposkantore, Potchefstroom en Middelburg; en die gebied binne 15 myl van die Hoofposkantore, Klerksdorp en Witbank.

(2) *In die Provinsie Natal.*—Die landdrosdistrikte Durban, Inanda, Pinetown en Umlazi; en die gebied binne 25 myl van die Hoofposkantoor, Pietermaritzburg.

(3) *In die Provinsie Oranje-Vrystaat.*—Die landdrosdistrik Kroonstad; die gebied binne 20 myl van die Hoofposkantoor, Vereeniging; en die gebied binne 15 myl van die Hoofposkantoor, Bloemfontein.

(4) *In die Provinsie Kaap die Goeie Hoop.*—Die Landdrosdistrikte Albany, Bellville, die Kaap, Oos-Londen, Paarl, Port Elizabeth, Queenstown, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Wellington, Worcester en Wynberg; en die munisipale gebied van Kimberley.

## ANNEXURE A.

CONTRIBUTION BY EMPLOYERS [Sub-clause (2) of Clause 7] and
RATE OF BENEFIT [Sub-clause (4) of Clause 8].

| *Prescribed Weekly Wage.* | *Weekly Contribution.* | *Benefit Per Day.* |
|---|---|---|
| R c R c | R c | R c |
| 2 00 to 2 50 | 0 12½ | 0 28 |
| 2 51 to 3 00 | 0 15 | 0 35 |
| 3 01 to 3 50 | 0 17½ | 0 43 |
| 3 51 to 4 00 | 0 20 | 0 50 |
| 4 01 to 4 50 | 0 22½ | 0 58 |
| 4 51 to 5 00 | 0 25 | 0 65 |
| 5 01 to 5 50 | 0 27½ | 0 73 |
| 5 51 to 6 00 | 0 30 | 0 80 |
| 6 01 to 6 50 | 0 32½ | 0 88 |
| 6 51 to 7 00 | 0 35 | 0 95 |
| 7 01 to 7 50 | 0 37½ | 1 03 |
| 7 51 to 8 00 | 0 40 | 1 10 |
| 8 01 to 8 50 | 0 42½ | 1 18 |
| 8 51 to 9 00 | 0 45 | 1 25 |
| 9 01 to 9 50 | 0 47½ | 1 33 |
| 9 51 to 10 00 | 0 50 | 1 40 |
| 10 01 to 10 50 | 0 52½ | 1 48 |
| 10 51 to 11 00 | 0 55 | 1 55 |
| 11 01 to 11 50 | 0 57½ | 1 63 |
| 11 51 to 12 00 | 0 60 | 1 70 |
| 12 01 to 12 50 | 0 62½ | 1 78 |
| 12 51 to 13 00 | 0 65 | 1 85 |
| 13 01 to 13 50 | 0 67½ | 1 93 |
| 13 51 and over | 0 70 | 2 00 |

This Agreement signed on behalf of the parties on the 3rd December, 1962.

B. T. RESSELL, *Chairman.*
J. C. BOLTON, *Vice-Chairman.*
B. W. MATTHEWS, *Secretary.*

No. 988.] [5 July 1963.

## NATIVE BUILDING WORKERS ACT, 1951.

### NEW DETERMINATION.

By direction of the Minister of Labour it is hereby notified that the Minister, acting under the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirteen* of the Native Building Workers Act, 1951 (Act No. 27 of 1951), has made the Determination appearing in the Schedule hereto in respect of employers and Native building workers, learners and other Natives employed on skilled work in the Building Industry, and has specified, in terms of sub-section (4) of the said section that the provisions of this Determination shall be binding for a period of three years with effect from the second Monday after the date of publication of this notice.

### SCHEDULE.

1. AREA AND SCOPE OF OPERATION.

This Determination shall apply to all employers and Native buildings workers, learners and other Natives employed on skilled work in the Building Industry in Native areas as defined in paragraph (xii) of section *one* of the Act, within the following areas:—

(1) *In the Province of the Transvaal.*—The Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Nigel and Springs; the area within a 30-mile radius from the General Post Office, Krugersdorp; the area within a 20-mile radius from the General Post Offices, Pretoria and Vereeniging; the area within a 10-mile radius from the General Post Offices, Potchefstroom and Middelburg; and the area within a 15-mile radius from the General Post Offices, Klerksdorp and Witbank.

(2) *In the Province of Natal.*—The Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pinetown and Umlazi; and the area within a 25-mile radius from the General Post Office, Pietermaritzburg.

(3) *In the Province of the Orange Free State.*—The Magisterial District of Kroonstad; the area within a 20-mile radius from the General Post Office, Vereeniging; and the area within a 15-mile radius from the General Post Office, Bloemfontein.

(4) *In the Province of the Cape of Good Hope.*—The Magisterial Districts of Albany, Bellville, The Cape, East London, Paarl, Port Elizabeth, Queenstown, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Wellington, Worcester and Wynberg; and the municipal area of Kimberley.

2. WOORDBEPALINGS.

Tensy die teendeel blyk, het uitdrukkings in hierdie Vasstelling wat in die Wet op Naturellebouwerkers, 1951 (Wet No. 27 van 1951), soos gewysig, omskryf is, dieselfde betekenis as in die Wet, en tensy dit strydig is met die samehang, beteken—

„Wet" die Wet op Naturellebouwerkers, 1951 (Wet No. 27 van 1951), soos gewysig;

„noodwerk" werk wat sonder versuim gedoen moet word as gevolg van onvoorsiene oorsake soos brand, storm, ongeluk, geweldpleging, epidemie of diefstal;

„werknemer" vir die toepassing van hierdie Vasstelling 'n werknemer wat in diens is as 'n Naturellebouwerker, leerling en enige ander Naturel wat vir geskoolde werk in diens is;

„leerling, graad B," 'n leerling wat in dié hoedanigheid in diens is kragtens artikel tien van die Wet en wat nie in die toets wat in paragraaf 3 (1) van Goewermentskennisgewing No. 789 van 17 April 1953 genoem word, geslaag het nie;

„leerling, graad A," 'n leerling wat in dié hoedanigheid in diens is kragtens artikel *tien* van die Wet en wat geslaag het in die toets wat in paragraaf 3 (1) van Goewermentskennisgewing No. 789 van 17 April 1953 genoem word;

„geskoolde werk" werk in een van onderstaande ambagte of 'n tak daarvan wat uitdruklik daarby ingesluit word:—

(*a*) Bloklegging, met uitsondering van blokke wat nie in messelklei of mastiek gelê word nie en die lê van blokke by die konstruksie van betonvloere en -dakke waarby daar nie van ambagsmangereedskap gebruik gemaak word nie;

(*b*) messelwerk, met inbegrip van voegwerk, muur- en vloerbeteëling en plaveiwerk, rioolaanleg, leidakwerk en dakpandekking en algemene betonwerk (met inbegrip van wapening);

(*c*) klipmesselwerk, met inbegrip van monumentmesselwerk, plaveiwerk, voegwerk, muur- en vloerbeteëling en algemene betonwerk (met inbegrip van wapening);

(*d*) pleisterwerk, met inbegrip van modellering, granoliet- en komposisiebevloering, voorafgegote betonwerk, muur- en vloerbeteëling, plaveiwerk en algemene betonwerk (met inbegrip van wapening);

(*e*) timmerwerk en skrynwerk, met inbegrip van winkeluitrusting, aanbring van plafonne, houtblokkie-, hout- en komposisiebevloering, dakbedekking (uitgesonderd bedekking met gras of riet) en algemene betonwerk (met inbegrip van wapening);

(*f*) skilderwerk, met inbegrip van versierwerk, behangerswerk en insit van ruite;

(*g*) letterskilderwerk;

(*h*) loodgieterswerk, met inbegrip van koper-, lood- en plaatmetaalwerk, gasleidingaanleg, sanitêre en huishoudelike ingenieurswerk, rioolaanleg en loodsweiswerk;

(*i*) masjinale houtbewerking;

(*j*) glas-in-loodwerk;

(*k*) vernis;

(*l*) elektriese montering en aanleg van leidings;

„werkende werkgewer" of „vennoot" 'n werkgewer of vennoot wat geskoolde werk verrig;

„loon" dié bedrag geld wat ingevolge klousule 3 aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van die gewone werkure wat in klousule 5 voorgeskryf word.

3. LONE.

'n Werkgewer moet minstens onderstaande lone betaal aan elke lid van ondergenoemde klasse van sy werknemers in diens in 'n Naturellegebied binne een van die gebiede wat hieronder voorkom:—

2. DEFINITIONS.

Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Native Buildling Workers Act, 1951 (Act No. 27 of 1951), as amended, shall have the same meaning as in that Act, and unless inconsistent with the context—

"Act" means the Native Building Workers Act, 1951 (Act No. 27 of 1951), as amended;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen causes such as fire, storm, accident, act of violence, epidemic or theft, must be done without delay;

"employee" means, for the purpose of this Determination, an employee who is employed as a Native building worker, learner and any other Native employed on skilled work;

"learner, grade B," means a learner employed as such under section *ten* of the Act who has not passed the test referred to in paragraph 3 (1) of Government Notice No. 789 of the 17th April, 1953;

"learner, grade A," means a learner employed as such under section *ten* of the Act who has passed the test referred to in paragraph 3 (1) of Government Notice No. 789 of the 17th April, 1953;

"skilled work" means work performed in any of the following trades or any branch of any such trade specified as being included therein, namely:—

(*a*) Blocklaying, excluding the laying of blocks not bedded in mortar or mastic and the laying of blocks in the construction of concrete floors and concrete roofs where no artisan's tools are used in the performance of these operations;

(*b*) bricklaying, including pointing, wall and floor tiling and paving, drainlaying, slating and roof tiling, and general concrete work (including reinforcement);

(*c*) masonry, including monumental masonry, paving, pointing, wall and floor tiling and general concrete work (including reinforcement);

(*d*) plastering, including modelling, granolithic and composition flooring, precast concrete work, wall and floor tiling, paving and general concrete work (including reinforcement);

(*e*) carpentry and joinery, including shopfitting, the erection of ceilings, woodblock, good and composition flooring, roof covering (other than thatching) and general concrete work (including reinforcement);

(*f*) painting, including decorating, paperhanging and glazing;

(*g*) signwriting;

(*h*) plumbing, including copper, lead and sheetmetal working, gasfitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying and leadburning;

(*i*) woodmachining;

(*j*) lead light making;

(*k*) French polishing;

(*l*) electrical fitting and wiring;

"working employer" or "partner" means any employer or partner who performs any skilled work;

"wage" means the amount of money payable in terms of clause 3 to an employee in respect of the ordinary hours of work laid down in clause 5.

3. WAGES.

The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his empolyees employed in a Native area falling within any of the areas mentioned below shall be as follows:—

| Gebiede. | Klas werknemer. | Loon per uur. |
|---|---|---|
| | | Sent. |
| 1. Landdrosdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville | Leerling, graad B | 19½ |
| | Leerling, graad A | 23 |
| | Naturellebouwerker | 30 |
| | Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig | 30 |
| 2. Landdrosdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Inanda, Johannesburg, Kempton Park, Nigel, Pinetown, Port Elizabeth, Springs en Umlazi; die gebied binne 30 myl van die Hoofposkantoor, Krugersdorp; die gebied binne 20 myl van die Hoofposkantore, Pretoria en Vereeniging; die gebied binne 10 myl van die Hoofposkantore, Potchefstroom en Middelburg (Tvl.); en die gebied binne 15 myl van die Hoofposkantore, Klerksdorp en Witbank | Leerling, graad B | 16½ |
| | Leerling, graad A | 20 |
| | Naturellebouwerker | 27 |
| | Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig | 27 |
| 3. Die Landdrosdistrikte Kroonstad, Oos-Londen, Paarl, Somerset-Wes, Stellenbosch en Wellington; die Munisipale Gebied van Kimberley; die gebied binne 15 myl van die Hoofposkantoor, Bloemfontein; en die gebied binne 25 myl van die Hoofposkantoor, Pietermaritzburg | Leerling, graad B | 15 |
| | Leerling, graad A | 18½ |
| | Naturellebouwerker | 25 |
| | Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig | 25 |
| 4. Die Landdrosdistrikte Albany, Queenstown en Worcester | Leerling, graad B | 14 |
| | Leerling, graad A | 17 |
| | Naturellebouwerker | 23 |
| | Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig | 23 |

| Area. | Class of Employee. | Wages per Hour. |
|---|---|---|
| | | Cents. |
| 1. The Magisterial Districts of The Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville..... | Learner, grade B..... | 19½ |
| | Learner, grade A..... | 23 |
| | Native building worker..... | 30 |
| | Other Natives employed on skilled work.. | 30 |
| 2. The Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Durban, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Inanda, Johannesburg, Kempton Park, Nigel, Pinetown, Port Elizabeth, Springs and Umlazi; the area within a 30-mile radius from the General Post Office, Krugersdorp; the area within a 20-mile radius from the General Post Office, Pretoria and Vereeniging; the area within a 10-mile radius from the General Post Office, Potchefstroom and Middelburg (Tvl.); and the area within a 15-mile radius from the General Post Offices, Klerksdorp and Witbank | Learner, grade B..... | 16½ |
| | Learner, grade A..... | 20 |
| | Native building worker..... | 27 |
| | Other Natives employed on skilled work.. | 27 |
| 3. The Magisterial Districts of Kroonstad, East London, Paarl, Somerset West, Stellenbosch and Wellington; the Municipal Area of Kimberley; the area within a 15-mile radius from the General Post Office, Bloemfontein; and the area within a 25-mile radius from the General Post Office, Pietermaritzburg | Learner, grade B..... | 15 |
| | Learner, grade A..... | 18½ |
| | Native building worker..... | 25 |
| | Other Natives employed on skilled work.. | 25 |
| 4. The Magisterial Districts of Albany, Queenstown and Worcester..... | Learner, grade B..... | 14 |
| | Learner, grade A..... | 17 |
| | Native building worker..... | 23 |
| | Other Natives employed on skilled work.. | 23 |

4. BETALING VAN LONE, OORTYD EN TOELAES.

(1) Lone, oortydverdienste en ander besoldiging wat in geld betaalbaar moet word, moet weekliks of, as die dienskontrak só bepaal, maandeliks in kontant betaal word op die inrigting se gewone betaaldag vir so 'n werknemer, of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag plaasvind.

(2) Lone, oortydverdienste en ander besoldiging wat in geld betaal moet word, moet aan werknemers oorhandig word in verseëlde koeverte waarop die name van werkgewer en werknemer voorkom, asook die getal ure gewerk, aftrekkings, die ingeslote bedrag en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gedoen word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing op 'n plaaslike owerheid is nie in gevalle waarin die inspekteur seoos by regulasie omskryf homself daarvan oortuig het dat die bestaande stelsel van besoldiging die werknemers die nodige beskerming verleen.

(3) Geen aftrekkings mag van 'n werknemer se loon gemaak word nie: Met dien verstande dat bedrae afgetrek mag word wat 'n werkgewer by wet, ordonnansie of regsgeding verplig word om namens 'n werknemer te betaal.

5. GEWONE WERKURE.

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer is hoogstens die volgende:—

(*a*) Vyf-en-veertig per week van Maandag tot Vrydag;
(*b*) nege per dag.

(2) *Etenspouses.*—Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om vir meer as vyf uur te werk sonder 'n etenspouse van minstens 'n halfuur waarin hy nie verplig of toegelaat kan word om te werk nie, en dié pouse word nie as deel van die gewone werkure of oortyd beskou nie.

(3) *Voorbehoudsbepalings.*—Die bepalings van subklousule (2) is nie van toepassing op 'n werknemer terwyl hy noodwerk verrig nie.

6. OORTYD EN BETALING DAARVAN.

(1) Tyd gewerk bo die maksimum getal gewone werkure wat in klousule 5 (1) voorgeskryf word, word as oortyd beskou.

(2) Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om meer as—

(*a*) 10 uur per week;
(*b*) 3 uur per dag;

oortyd te werk nie.

(3) Uitgesonderd soos bepaal in subklousules (2) en (3) van klousule 7, moet 'n werkgewer sy werknemer vir alle oortyd deur die werknemer gewerk, betaal teen minstens een en 'n derde maal die werknemer se loon.

(4) *Voorbehoudsbepalings.*—Die bepalings van subklousule (2) is nie van toepassing op 'n werknemer terwyl hy noodwerk verrig nie.

7. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE.

(1) Aan 'n werknemer moet verlof met volle betaling op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag en Kersdag toegestaan word: Met dien verstnade dat in 'n noodgeval van hom vereis kan word om op so 'n dag te werk.

(2) Wanneer 'n werknemer werk op 'n openbare vakansiedag wat in subklousule (1) genoem word, moet sy werkgewer hom minstens die loon betaal wat hom toekom ten opsigte van die getal ure wat hy op 'n gewone werkdag werk, plus sy loon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy op so 'n openbare vakansiedag werk: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om vir minder as vier uur op sodanige dag te werk, hy geag word vier ure te gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) aan die werknemer—

(i) indien hy vir 'n tydperk van hoogstens vier uur aldus werk, minstens sy dagloon betaal; òf

4. PAYMENT OF WAGES, OVERTIME AND ALLOWANCES.

(1) All wages, earnings for overtime and other remuneration payable in money shall be paid in cash weekly or where the contract of employment is such, monthly, on the usual pay-day of the establishment for such employee, or in termination of employment if this takes place before the usual pay-day.

(2) Wages, earnings for overtime and other remuneration payable in money shall be handed to employees in sealed envelopes showing the name of the employer and employee, number of hours worked, any deductions which may have been made, amount enclosed and the period in respect of which payment is made: Provided that the provisions of this sub-clause shall not apply to a local authority where the inspector defined by regulation is satisfied that the established pay system affords the necessary protection to employees.

(3) No deductions of any kind may be made from the wages due to an employee: Provided that any amount which an employer is compelled by law, ordinance or legal process to pay on behalf of an employee may be deducted.

5. ORDINARY HOURS OF WORK.

(1) The ordinary hours of work of an employee shall not exceed—

(*a*) forty-five in any week from Monday to Friday;
(*b*) mine on any day.

(2) *Meal Interval.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours without a meal interval of not less than half-an-hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall not be deemed to be part of the ordinary hours of work or overtime.

(3) *Savings.*—The provisions of sub-clause (2) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

6. OVERTIME AND PAYMENT THEREFOR.

(1) All periods worked in excess of the maximum number of hours prescribed in clause 5 (1) shall be deemed to be overtime.

(2) An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(*a*) ten hours in any week;
(*b*) three hours on any day.

(3) Except as provided for in sub-clauses (2) and (3) of clause 7, an employer shall pay his employee in respect of all overtime worked by the employee at a rate not less than one and one-third times the employee's wage.

(4) *Savings.*—The provisions of sub-clause (2) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

7. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS.

(1) An employee shall be granted leave on full pay on New Year's day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant and Chrismas Day: Provided that in the event of urgency he may be required to work on such days.

(2) Whenever an employee works on any public holiday referred to in sub-clause (1), his employer shall pay him not less than the wage payable to him in respect of the number of hours ordinarily worked by him on a normal working day, plus his wage for each hour or part of an hour worked on such public holiday: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay to the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage; or

(ii) indien hy vir 'n tydperk van langer as vier uur aldus werk, minstens dubbel sy uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur ten opsigte van die totale tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon, naamlik die grootste bedrag; of

(*b*) hom een en 'n derde maal sy uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy altesaam op sodanige Sondag gewerk het, en hom binne 14 dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat waar daar van so 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om vir minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

8. AANSPORINGSLONE.

'n Werkgewer kan 'n aansporingsloonstelsel invoer: Met dien verstande dat 'n werknemer se besoldiging en ander geldelike voordele kragtens so 'n stelsel nie minder mag wees as die loon wat in klousule 3, saam met klousules 6 en 7 gelees, vir hom voorgeskryf word nie.

9. DIENSBEËINDIGING.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer moet minstens een volle werkdag kennis gee van hul voorneme om 'n dienskontrak te beëindig: Met dien verstande dat dit nie inbreuk maak op die werkgewer of werknemer se reg om die kontrak op staande voet te beëindig om 'n rede wat by wet as voldoende erken word nie.

(2) 'n Werkgewer mag 'n werknemer in plaas van diensopsegging sy dagloon betaal.

(3) Gedurende die tydperk van diensopsegging wat in subklousule (1) genoem word, moet 'n werkgewer 'n werknemer een uur toestaan om sy gereedskap werkgereed te maak.

(4) Geen diensopsegging is nodig as die werknemer vir minder as twee werkdae by dié werkgewer in diens is nie.

(5) Subklousules (1), (2), (3) en (4) van hierdie klousule is nie op leerlinge van toepassing nie.

10. INDIENSNEMING VAN MINDERJARIGES.

Geen werkgewer mag iemand onder die ouderdom van 18 jaar of, as die ouderdom nie vasgestel kan word nie, iemand wat jonger as 18 jaar lyk, in diens neem nie.

11. BÊRE EN VERSKAFFING VAN GEREEDSKAP.

Elke werkgewer moet 'n geskikte plek by alle werkplekke, skure en werkwinkels verskaf waar gereedskap toegesluit kan word. Die werkgewer is verantwoordelik vir die behoorlike toesluit van hierdie plekke en vir enige verlies van gereedskap wat 'n werknemer in toesluitplekke ly as gevolg van brand.

12. NATWEERSKUILING.

Elke werkgewer moet geskikte natweerskuilings vir werknemers verskaf op elke bouterrein.

13. LATRINES.

Elke werkgewer moet behoorlike en afsonderlike sanitêre geriewe vir Blanke en nie-Blanke werknemers verskaf by alle werkplekke.

14. JAARLIKSE VERLOF.

(1) 'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 12 werksdae verlof toestaan binne die tydperk wat iedere jaar op die Saterdag onmiddellik voor 16 Desember begin en die volgende jaar op die Vrydag onmiddellik voor 7 Januarie eindig.

(2) Benewens die lone voorgeskryf by klousule 3 moet 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers 'n bedrag van minstens 12 werkdae se loon betaal op die laaste betaaldag van die inrigting onmiddellik voor die verlof wat by subklousule (1) hiervan voorgeskryf word: Met dien verstande dat ingeval 'n werknemer minder as 12 maande in 'n jaar by dieselfde werkgewer in diens was, dié besoldiging bereken moet word op die grondslag van een dag se loon vir elke voltooide maand diens by daardie werkgewer.

(3) 'n Werknemer wie se dienstyd—

(*a*) in die eerste kalenderjaar diens by dieselfde werkgewer eindig na voltooiing van een maand diens maar voor voltooiing van sodanige jaar; en

(*b*) in enige daaropvolgende kalenderjaar diens by dieselfde werkgewer eindig voor voltooiing van die jaar;

moet by sodanige beëindiging 'n bedrag van minstens een dag se besoldiging vir elke voltooide maand diens betaal word.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule sluit die uitdrukking „diens" enige tydperk in waarin die werknemer—

(*a*) ingevolge subklousule (1) hiervan met verlof is; en

(*b*) op las of op versoek van sy werkgewer afwesig is.

15. KENNISGEWINGBORDE.

Elke werkgewer en/of werkende vennote wat deur hierdie Vasstelling gebind word moet waar hy/hulle met boubedrywighede besig is, 'n kennisgewingbord van minstens 2 by 1½ voet met die naam en besigheidsadres van die werkgewer of vennootskap daarop, vertoon op 'n opvallende plek wat vir die publiek toeganklik is.

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, not less than double his hourly wage for each hour or part of an hour in respect of the total period worked by him on such Sunday or not less than double his daily wages, whichever is the greater; or

(*b*) pay him one and one-third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him in the aggregate on such Sunday, and grant him within fourteen days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

8. INCENTIVES.

An employer may introduce and operate a system of incentive payments: Provided that as a result of the introduction and operation of such a system the remuneration and other monetary benefits accruing to an employee shall not be less than the wage prescribed for him in clause 3 read with clauses 6 and 7.

9. TERMINATION OF EMPLOYMENT.

(1) An employee or his employer shall give not less than one clear working day's notice of their intention to terminate service: Provided that this shall not affect the employer's or the employee's right to terminate service forthwith without notice for any good cause recognised by law as sufficient.

(2) An employer may pay an employee one day's pay in lieu of notice.

(3) During the period of notice referred to in sub-clause (1) hereof an employer shall allow the employee one hour to put his tools in working order.

(4) No notice of termination shall be required if the employee has worked for less than two working days with that employer.

(5) The provisions of sub-clauses (1), (2), (3) and (4) of this clause shall not apply to learners.

10. EMPLOYMENT OF MINORS.

No employer shall employ a person under the age of 18 years, or if the age cannot be established, a person who appears to be under that age.

11. STORAGE AND PROVISION OF TOOLS.

Every employer shall provide a suitable place on all jobs, sheds and workshops for locking up tools. The employer shall be responsible for keeping lock-ups properly locked and for any loss of tools suffered by an employee in lock-ups due to fire.

12. WET WEATHER SHELTER.

Every employer shall provide suitable facilities at any site where building operations are conducted in which employees may take shelter during wet weather.

13. LATRINES.

Every employer shall provide proper sanitary accommodation on all jobs for Europeans and non-Europeans separately.

14. ANNUAL LEAVE.

(1) An employer shall grant to each of his employees 12 working days' leave of absence within the period commencing on the Saturday immediately preceding the 16th December of each year and terminating on the Friday immediately preceding the 7th January the following year.

Enige persoon wat beswaar het dat gemelde kind die van van TALJAARD aanneem, moet sy beswaar met vermelding van rede daarvoor so gou moontlik skriftelik by die Landdros van Ermelo indien.—B. P. U. Taljaard, 27 Junie 1963.

7969—5-12-19-26

THE ALIENS ACT, 1937.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, BEVERLEY BERKAH HIKINS, residing at 1102 Reynard Hall, Goldreich Street, Hillbrow, Johannesburg, a student, intend to apply to the State President for authority, under Section 9 of the Aliens Act, 1937, to assume the surname of KAPLAN for the reason that my natural father's surname is KAPLAN and throughout my life he has maintained me and treated me as his daughter.

I previously bore the name HIKINS.

Any person who objects to my assumption of the said name of KAPLAN should, as soon as may be, lodge his objection in writing, with a statement of his reasons therefor, with the Magistrate of Johannesburg.—B. B. Hikins, 22nd June, 1963.

7850—5-12-19-26

## KAAP.—CAPE.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, the undersigned, LANDISO HERBERT MYEKI (N.I. No. 1984915), residing at 82 Mashiqa Street, West Bank Location, East London, employed as a clerk, intend to apply to the State President for authority under Section 9 of the Aliens Act 1937, to assume the surname of RUBUSHE for the reason that I have since childhood always been known as LANDISO HERBERT RUBUSHE.

I previously bore the name of LANDISO HERBERT MYEKI.

Any person who objects to my assumption of the said name of LANDISO HERBERT RUBUSHE should as soon as may be lodge his/her objection, in writing, with a statement of his/her reasons therefor, with the Magistrate, East London. Dated at East London this 13th day of May, 1963.—Landiso Herbert Myeki. Schneider & Cohen, Applicant's Attorneys, 36a Terminus Street (Box 799), East London. 7218—21-28-5

ALIENS ACT, 1937.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, GEORGE DENNIS BERT MAYALL, residing at Paul-du-Mar, De Waal Drive, Cape Town, a compositor in the employ of the Cape & Transvaal Printers, Limited, of Caxton Street, Parow, intend to apply to the State President for authority under Section 9 of the Aliens Act of 1937, to assume the surname of JACKSON for the reason that I have been known as JACKSON since infancy.

I previously bore the names GEORGE DENNIS BERT MAYALL.

Any person who objects to my assumption of the surname of JACKSON should, as soon as may be, lodge his objection in writing with a statement of his reasons therefor with the Magistrate, Cape Town.—G. D. B. Mayall. (Fine & Fine, Applicant's Attorneys, Namaqua House, 36 Burg Street, Cape Town. 7708—28-5-12-19

THE ALIENS ACT, 1937.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, PETER FRIEDERICH HENNER STICHLING, residing at Dorchester Hotel, Clifford Street, East London, and employed as a motor mechanic, intend to apply to the State President for authority under Section 9 of the Aliens Act, 1937, to assume the surname of MAGNUS for the reason that I have been known by this name since the age of six years when my mother remarried and all my school and other certificates bear the name of MAGNUS.

Any person who objects to my assumption of the said name of PETER FRIEDERICH HENNER MAGNUS should, as soon as may be, lodge his objection in writing, with a statement of his reasons therefor, with the Magistrate of East London.—P. F. H. Magnus, 28th June, 1963. 7921—5-12-19-26

## NATAL.

CHANGE OF NAME.

I, the undersigned, of Darnall, Natal, hereby give notice that I intend to change my name.

I am registered in the Office of the Protector of Indian Immigrants Durban, as PALASE, No. 140566/50791/30750.

I now abandon this name and from henceforth will be known and designated by the name of PAULUS DONALD ARTHUR.

Any person objecting to this application should, within one week after publication, lodge his objections in writing with the Protector of Indian Immigrants, Durban.—Palase, 24th June, 1963. 7934—5

THE ALIENS ACT, 1937.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, ALFRED VILAKAZI (No. 2332629), residing at Fairleigh, Newcastle, and employed as a labourer, intend to apply to the State President for authority under Section 9 of the Aliens Act, 1937, to assume the surname of MDHLALOSE.

I also intend to apply for authority to change the surname of my wife, SWELENI SARAPHINA VILAKAZI (No. 2042236), to MDHLALOSE.

Any person who objects to our assumption of the said name of MDHLALOSE should, as soon as may be, lodge his objection, in writing, with a statement of his reasons therefor, with the Magistrate of Newcastle.—Alfred Vilakazi, 5th March, 1963. 7829—5-12-19-26

THE ALIENS ACT, 1937.

NOTICE OF INTENTION TO CHANGE NAME.

I, LESLIE SARSZEGI, residing at 35 Casa D'Alana, Honey Street, Berea, Johannesburg, and carrying on business as THE PLANT DOCTOR, intend to apply to the State President for authority under Section 9 of the Aliens Act, 1937, to assume the surname of LAZLEY for the reason that my present name is difficult to pronounce and is embarrassing in business and I am accordingly referred to by business associates as LAZLEY.

I also intend to apply for authority to change the surname of my wife, MARIA SARSZEGI, and minor children GEORGE PAUL LESLIE SARSZEGI and CHERYL MARIA EVA SARSZEGI, to LAZLEY.

Any person who objects to our assumption of the said name of LAZLEY should, as soon as may be, lodge his objection in writing, with a statement of his reasons therefor, with the Magistrate of Johannesblurg.—Leslie Sarszegi, 25th June, 1963.

7871—5-12-19-26

Koop Nasionale Spaarsertifikate
Buy National Savings Certificates

# ALGEMEEN.—GENERAL.

## TRANSVAAL.

### SOUTH AFRICAN NATIONAL TUBERCULOSIS ASSOCIATION.

NOTICE.

It is hereby notified for general information that the S.A.N.T.A. Branch at White River has applied to the National Welfare Organizations Board for registration as a welfare organization in terms of the Welfare Organizations Act, 1947.

The objects of the Branch are—

(*a*) to formulate policies to meet local needs, and to promote and support measures for the prevention, early discovery and prompt and efficient treatment of tuberculosis;

(*b*) to initiate, conduct, encourage and support propaganda, in all its forms, directed towards the eradication of tuberculosis and its contributory causes, and thereby to guide and educate the public in these matters;

(*c*) to initiate, promote and/or support measures for the prevention of tuberculosis particularly amongst those who through contact or environment are predisposed to it;

(*d*) generally to concern itself with all matters and questions relating to the care of cases of tuberculosis, and those who have suffered from the disease and the dependants and contacts of all such persons, and the eradication of tuberculosis.

Any objections to the proposed registration must be lodged with the Registrar of Welfare Organizations, Private Bag 203, Pretoria, within 21 days of publication hereof.—National Secretary, S.A.N.T.A., 600 Leisk House, corner of Rissik and Bree Streets (P.O. Box 10501), Johannesburg. Telephone: 23-3000, 23-3030.

7987—5

### PRESIDENT AUCTIONEERS' SALES.

Insolvent Estate P. SUSSMAN, trading as KLEIN SABIE TRADING STORE.

Duly instructed by the Trustee in the above matter (Master's Reference No. C. 26/63), we will sell at the store-rooms, Third Floor, Marshall Centre, 124 Marshall Street, off Eloff Street, Johannesburg, on Monday, 15th July, 1963, at 10.30 a.m., the following:—

Stock-in-trade.

*Terms.*—Cash or bank-endorsed cheque.

For further particulars please apply to President Auctioneers, 29b Kruis Street, Johannesburg or Telephone 22-0569.

8017—5

### PUBLIEKE VEILING.

Insolvente Boedel C. J. HOSKIN, handeldrywende as NORTHERN TRADING STORE, Tuinplaats (Weesheer Verwysingsnommer C. 206/63.

Groot voorraad van mans-, vrouens- en kinderklerasie, kruideniersware, hardeware, linne en komberse, skoene, lekkergoed, meubels, elektriese stoof, 1957 Opel stasiewa, fietsparte, toonbanke, ens., sonder voorbehoud.

Hierdie veiling word in die W.B. & Y. Gebou, Tomstraat, Nylstroom, gehou op 19 en 20 Julie 1963, om 9.30 vm.

*Terme.*—Kontant of bankgewaarborgde tjeks.

Die goedere kan die dag voor die veiling besigtig word.

Verversings sal verskaf word.—A. O. Mulder, Afslaer, p/a Mulder & De Klerk, Posbus 245, Nylstroom. Telefoon 110 en 111; en J. Joubert, Afslaer, p/a Naboomspruit Agentskappe (Edms.), Bpk., Hans van Rensburgstraat, Posbus 180, Naboomspruit. Telefoon 196. G. D. Kotze, *namens* A. G. van Oordt, Voorlopige Trustee, p/a Albany Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy, Beperk, Posbus 1515, Pretoria. Telefoon 28657. 8022—5

### LIVESTOCK AND MEAT INDUSTRIES CONTROL BOARD.

It is hereby notified that I, HAJIRA FAKIR HUSSAIN, the undersigned, intend to apply to the Livestock and Meat Industries Control Board for registration as a retail butcher in respect of a business which I propose to conduct at 28a Commissioner Street, Johannesburg.

Any person who has any objection against the establishment of the proposed business may lodge such objection with the Branch Manager, P.O. Box 4357, Johannesburg, within 30 days of the publication of this notice.—H. F. Hussain.

8045—5

### LIVESTOCK AND MEAT INDUSTRIES CONTROL BOARD.

It is hereby notified that I, PIETER JOHANNES LE ROUX, the undersigned, intend to apply to the Livestock and Meat Industries Control Board for registration as a retail butcher in respect of a business which I propose to conduct at 219 Tedstone Road, Wadeville, Germiston, Transvaal.

Notice is also given hereby that IVAN LARIC intends to apply simultaneously to the said Board for the registration which he holds in respect of the place referred to above to be cancelled if the above application is granted.

Any person who has any objection against the establishment of the proposed business or the cancellation of the said registration may lodge such objection with the Branch Manager, P.O. Box 4357, Johannesburg, within 14 days of the publication of this notice.—P. J. le Roux, c/o A. C. Lewis, P.O. Box 828, Germiston.

8046—5

### TENDERS.

In the matter of VANRIEBEECK SUPER MARKET (PROPRIETARY), LIMITED (in Liquidation) carrying on business on corner Van Riebeeck Avenue and Piet Retief Street, Alberton (C.A. 196/63).

Tenders are hereby invited for the purchase of the super market, formerly carried on by the above Company, or alternatively, for all or any of the following assets:—

(*a*) Stock-in-trade.
(*b*) Super market fittings and equipment.
(*c*) Delivery cycles.
(*d*) Outstanding accounts.
(*e*) Lease and goodwill.

A satisfactory lease will be granted to an approved Purchaser.

The highest or any tender will not necessarily be accepted.

Tenders, in duplicate, in sealed envelopes, marked: "Tenders — Vanriebeeck Super Market (Pty.), Limited (in Liquidation) C.A. 196/63", must be lodged with the Master of the Supreme Court, Room No. 72, Palace of Justice, or Private Bag 60, Pretoria, by not later than noon on Friday, 12th July, 1963.

The premises will be open for inspection of the assets by interested persons on Tuesday, 9th July, 1963, from 10 a.m. to 4 p.m.

Further information is available upon application to the undersigned.—L. D. Druker, Provisional Liquidator, c/o The Druker Trust Company (Pty.), Ltd., 418-421 Mansion House, 132 Market Street (P.O. Box 9251), Johannesburg. Telephones 22-6351/1/2/3. 7972—5

### RAAD VAN BEHEER OOR DIE VEE- EN VLEISNYWERHEDE.

Kennis word hiermee gegee dat ek, LAZER YUDEL SLIMOWITZ, die ondergetekende, voornemens is om by die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede aansoek te doen om registrasie as 'n groothandelslagter ten opsigte van 'n besigheid wat ek voornemens is om te hoek van Voortrekker- en Uniestraat, Erf No. 0001/0T, Klerksdorp, Distrik Klerksdorp, te dryf.

Kennis word ook hiermee gegee dat JACOBUS VAN ZYL BRINK voornemens is om tegelykertyd by genoemde Raad aansoek te doen om die registrasie wat hy ten opsigte van die plek hierbo genoem hou, te kanselleer indien my aansoek hierbo goedgekeur word.

Enige persoon wat beswaar het teen die oprigting van die voorgenome besigheid of die kansellasie van die genoemde registrasie kan sy beswaar by die Hoofbestuurder, Posbus 1357, Pretoria, indien binne 14 dae vanaf die verskyning van hierdie kennisgewing.—Erasmus, Jooste & Kie., Applikant se Prokureurs, Andersonstraat 71 (Posbus 61), Klerksdorp. 8048—5

### THABISONG.

THABISONG intends to apply for registration as a Welfare Organization in terms of Section 6 of the Welfare Organizations Act, 1947 (Act No. 40 of 1947).

The objects of the organization read as follows:—

"The aims and objects of the organization shall be:—

To provide crèche, feeding and recreational facilities for indigent Bantu children and children of working mothers."

Any person or persons desiring to raise objections against the registration of the organization must submit such representations to the Registrar of Welfare Organizations, Private Bag 203, Pretoria, within 21 days as from the date of this advertisement.—A. Mokgosi, Honorary Secretary, Thabisong. 7993—5

### LIVESTOCK AND MEAT INDUSTRIES CONTROL BOARD.

It is hereby notified that we, ORANJE KOELKAMERS, BEPERK [Directors: I. J. D. Wentzel (Alternate: C. D. Wentzel), J. G. van der Horst, D. O. Beckingham (Alternate: A. D. Backwell), C. R. Anderson (Alternate: V. D. Edkins)], intend to apply to the Livestock and Meat Industries Control Board for registration as a retail butcher to sell pre-packed meat in respect of a business which we propose to conduct at Erven Nos. 869, 870, 893, 894, 895 and 896, situate at corner of Government Avenue, Virginia Gardens, and Bullion Street, Virginia.

Any person who has any objection against the establishment of the proposed business may lodge such objection with the General Manager, P.O. Box 1357, Pretoria, within 30 (thirty) days of the publication of this notice.—I. B. Crafford, Manager, Oranje Koelkamers, Beperk, P.O. Box 88, Welkom. 7973—5

## DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS.

### KENNISGEWING IN VERBAND MET DIE WYSIGING VAN DIE REËLS.

Ingevolge die bepalings van subartikel (2) van artikel *agt* van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), word hierby bekendgemaak dat die Johannesburgse Effektebeurs by die Minister van Finansies aansoek gedoen het om goedkeuring om ondergenoemde byvoegings by en wysigings van sy reëls aan te bring.

Ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, word alle belanghebbendes wat beswaar teen die voorgenome byvoegings en wysigings het, hierby versoek om hul besware voor of op 26 Julie 1963, by die Minister van Finansies, Privaatsak 238, Pretoria, in te dien.

### WYSIGINGS VAN EN BYVOEGINGS BY DIE REËLS VAN DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS.

*Reël* 2.—Dat onderstaande die nuwe subreël (xi) van Reël 2 is:—

Reël 2 (xi).—„ Vir die toepassing van hierdie reëls beteken die uitdrukking ‚Sekretaris' die Hoofbestuurder en/of 'n ander persoon wat die Komitee vir die doel van hierdie omskrywing aangestel het."

*Reël* 61 (iii).—Dat die bestaande subreël (iii) van Reël 61 geskrap word en vervang word deur:—

„ Die volgende ledegelde moet deur lede aan die Effektebeurs betaal word:—

(*a*) Elke lid, met inbegrip van maatskappye, moet, afgesien van die soort lidmaatskap, R100 per jaar betaal; met dien verstande dat—

(i) geen lid wat 'n lewenslange lid is en geen nie-makelaarslid wat minstens vyftig jaar lank lid is, jaarlikse ledegelde betaal nie; en

(ii) die komitee van tyd tot tyd mag bepaal dat, weens spesiale omstandighede, 'n gespesifiseerde nie-makelaarslid 'n kleiner jaarlikse ledegeld mag betaal;

(iii) nie-makelaarslede wat òf as gemagtigde klerke òf as takbestuurders werksaam is, daartoe gebind is om 'n gedeelte van die ledegelde wat deur sodanige nie-makelaarslede betaalbaar is, op hul werkgewers te verhaal op 'n *pro rata*-grondslag volgens die gedeelte van die jaar wat hulle by sodanige werkgewers in diens is en dat sodanige werkgewers daartoe gebind is om dit te betaal.

(*b*) Benewens die ledegelde wat ingevolge paragraaf (*a*) betaalbaar is, moet elke makelaarsfirma (en in hierdie term word ook 'n vennootskap, maatskappy of individuele makelaarslid wat nie lid van 'n vennootskap is nie, ingesluit) dié bedrag betaal wat die Komitee elke jaar mag bepaal maar wat nie meer as R100 per jaar mag bedra nie.

(*c*) Besoekers R10 per week."

## DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS SE WAARBORGFONDS.

### KENNISGEWING IN VERBAND MET DIE WYSIGING VAN DIE REËLS.

Ingevolge die bepalings van subartikel (2) van artikel *agt* van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), word hierby bekendgemaak dat die Johannesburgse Effektebeurs se Waarborgfonds by die Minister van Finansies aansoek gedoen het om goedkeuring om ondergenoemde byvoegings by en wysigings van sy reëls aan te bring.

Ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, word alle belanghebbendes wat beswaar teen die voorgenome byvoegings en wysigings het, hierby versoek om hul besware voor of op 26 Julie 1963, by die Minister van Finansies, Privaatsak 238, Pretoria, in te dien.

### WYSIGINGS VAN EN BYVOEGINGS BY DIE REËLS VAN DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS SE WAARBORGFONDS.

*Reël* 2.—Dat die tweede sin van Reël 2 van die Waarborgfonds geskrap word en vervang word deur die volgende sin:—

„ Daardie persone wat ooreenkomstig die omskrywing van ‚Sekretaris' soos vervat in die Reëls van die Johannesburgse Effektebeurs, sekretarisse van die Johannesburgse Effektebeurs is, is die sekretarisse van die Fonds."

## THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE.

### NOTICE REGARDING AMENDMENT OF RULES.

In terms of sub-section (2) of section *eight* of the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947), it is hereby notified that the Johannesburg Stock Exchange has applied for the approval of the Minister of Finance to make the undermentioned additions to and alterations of its rules.

In terms of sub-section (3) of the said section all interested persons who have any objection to the proposed additions and alterations are hereby called upon to lodge their objections with the Minister of Finance, Private Bag 238, Pretoria, not later than 26th July, 1963.

### ALTERATIONS AND ADDITIONS TO THE RULES OF THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE.

*Rule* 2.—That the following shall be new sub-rule (xi) of Rule 2:—

Rule 2 (xi) .—" For the purpose of these rules the term Secretary shall mean the General Manager and/or any other person appointed by the Committee for the purpose of this definition."

Rule 61 (iii).—That existing sub-rule (iii) of Rule 61 be deleted and that it be replaced by—

" The following subscriptions shall be paid to the Stock Exchange by members—

(*a*) Every member, including companies, irrespective of the category of membership, shall pay R100 per annum provided that—

(i) no member who is a life member and no non-broking member who has been a member for at least fifty years shall pay any annual subscription, and

(ii) that the Committee may determine from time to time that due to special circumstances any specified non-broking member may pay a smaller annual subscription.

(iii) that non-broking members, employed either as authorised clerks or as branch managers, shall be bound to recover from their employers, who shall be bound to pay, a proportion of the subscription payable by such non-broking members *pro rata* to the respective proportion of the year they are employed by such employers.

(*b*) In addition to the subscriptions payable in terms of paragraph (*a*) every broking firm (which term shall include a partnership, company or individual broking member who is not a member of a partnership) shall pay such amount as the Committee may decide each year not exceeding R100 per annum.

(*c*) Visitors at the rate of R10 per week."

## THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE GUARANTEE FUND.

### NOTICE REGARDING AMENDMENT OF RULES.

In terms of sub-section (2) of section *eight* of the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947), it is hereby notified that the Johannesburg Stock Exchange Guarantee Fund has applied for the approval of the Minister of Finance to make the undermentioned additions to and alterations of its rules.

In terms of sub-section (3) of the said section all interested persons who have any objection to the proposed additions and alterations are hereby called upon to lodge their objections with the Minister of Finance, Private Bag 238, Pretoria, not later than 26th July, 1963.

### ALTERATIONS AND ADDITIONS TO THE RULES OF THE JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE GUARANTEE FUND.

*Rule* 2.—That the second sentence of Rule 2 of the Guarantee Fund shall be deleted and that it shall be replaced by the following sentence:—

" Those persons who are secretaries of the Johannesburg Stock Exchange in terms of the definition of Secretary as contained in the Rules of the Johannesburg Stock Exchange shall be the secretaries of the Fund."

8049—5-12-19

## KONSEPADVERTENSIE.

## ELEKTRISITEITSBEHEERRAAD.

Kennis geskied hierby dat 'n Lisensie wat as die OOS-KAAPLANDSE LISENSIE 1963 aangehaal is, toegestaan is deur die Raad aan die ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE op die 19de dag van Februarie 1963, ingevolge die voorwaardes uiteengesit in ingeslote bylae en die gedeponeerde plan C.E.U. Vel No. 1, Rev. 1, hierin vermeld.

P. S. RAUTENBACH, Voorsitter,
Elektrisiteitsbeheerraad.

## BYLAE.

### OOS-KAAPLANDSE LISENSIE, 1963.

(Toegestaan aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie deur die Elektrisiteitsbeheerraad ingevolge die Elektrisiteitswet, 1958, vir die voorsiening van elektrisiteit vanaf 'n Onderneming opgerig in sekere gebiede van die Oostelike Kaapprovinise.)

*Lisensie uitgereik ingevolge die Elektrisiteitswet*, 1958.

1. Hierdie Lisensie wat as die „ Oos-Kaaplandse Lisensie, 1963 " aangehaal kan word, word uitgereik ingevolge en onderworpe aan die bepalings van die Elektrisiteitswet, 1958 en die regulasies ingevolge daarvan van krag of enige wysiging of wysigings van genoemde Wet of regulasies.

*Woordbepalings.*

2. Die uitdrukkings in hierdie Lisensie gebesig het tensy strydig met die sinsverband dieselfde betekennisse as dié wat in die Elektrisiteitswet, 1958 aan hulle toegewys is:—

„ Lisensiehouer " beteken die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie ingestel ingevolge artikel 1 van die Elektrisiteitswet van 1922 (Wet No. 42 van 1922), wie se hoofkantoor by Evkomsentrum, Smitstraat 204, Johannesburg, is.

„ Raad " beteken die Elektrisiteitsbeheerraad ingestel ingevolge artikel 22 van die Wet;

„ Wet " beteken die Elektrisiteitswet 1958 (Wet No. 40 van 1958) of enige modifikasie of wysiging daarvan en sluit die regulasies ingevolge daarvan van krag; en

„ Gedeponeerde Plan " beteken die plan of planne wat by aansoek om hierdie Lisensie by die Raad gedeponeer is en geïdentifiseer word deur die handtekening van die Voorsitter van die Raad en die plan of planne gedeponeer by enige aansoek om wysiging van hierdie Lisensie, welke bykomende planne insgelyks geïdentifiseer moet word.

*Lisensie verleen.*

3. Die Lisensiehouer is gelisensieer om 'n Onderneming ingevolge die Wet vir die voorsiening van elektrisiteit in die *Oostelike Kaapprovinsie* voort te sit binne die gebied omskryf in Klousule 6 hiervan, en kan vir daardie doel elektrisiteit van die Munisipaliteit Port Elizabeth en die Departement van Waterwese se hidro-elektriese sentrale in die Gamtoosriviervallei koop of verkry.

*Bedryfsuitrusting en -toerusting.*

4. Die Onderneming wat ingevolge hierdie Lisensie voortgesit sal word, behels die transmissielyne, substasies en ander bedryfsuitrusting en werke buite of binne die leweringsgebied benodig om 'n elektrisiteitstoevoer van die Munisipaliteit Port Elizabeth en van die hidro-elektriese opwekkingsinstallasie van die Departement van Waterwese te verkry by die dam aan die bo-end van die Gamtoosriviervallei, tesame met alle bedryfsuitrusting, masjinerie en apparaat, transmissielyne, substasies en ander bedryfsuitrusting en -toerusting, geboue en werke benodig vir of in verband met die voorsiening van elektrisiteit aan verbruikers van die Onderneming.

*Uitbreiding of vergroting van werke tans onderneem.*

5. Die Lisensiehouer kan aan die werke waaruit hierdie Onderneming bestaan, toevoeg, hulle verander of vergroot.

*Leweringsgebied.*

6. Die gebied waarin die Lisensiehouer elektrisiteit mag lewer, is die gebied begrens deur en met inbegrip van die volgende plase en deur die verdere grense hierin omskryf naamlik:—

Begin by die kuslyn van die plaas 4475/47, volg daarna die plaasgrense om die volgende plase in te sluit: 4475/47, Uit.Q.10–23, 4478/1958, 1926–5–205, 1926–5–206, Klein River Hu.Q.3–12, Elands Jogt Uit.Q.6–25, Kruis Fontein Uit.Q.10–21, Leeuwenbosch Uit.Q.3–78, Haartebeeste Fontein Uit.Q.1–51, Pampoensland Rivier Hu.Q.4–8, De Uitvlugt Uit.Q.1–50, Klein Hoek Hu.Q.2–14, Groot Hoek Uit.Q.10–15, Welbedacht Rivier Hu.Q.12–10, Tusschen Bij Hu.Q.12–9, Gr.133/1934, Gr.151/1934, Gr.132/1934, Kausenkai Hu.Q.4–7 Couga Poort Hu.Q.4–17, Groot Plaat Hu.Q.4–10, (Klein Rivier) Uit.Q.3–68, Berg Plaatz Hu.Q.4–31, Pisgoed Vlakte Hu.Q.1–25, G.G., Couties Kraal Uit.Q.10–8, Onverwacht Hu.Q.3–73, Goede Hoop Uit.Q.3–70, (Sand Rivier) Uit.Q.3–65, Klein Sand Rivier B.1864/1912, Zuur Kraal Hu.Q.19–7, Grass Nek Hu.Q.9–18, Cockscomb West Uit.Q.20–33, Bosch Riviers Berg Uit.Q.20–37, Lot 994 Uit.Q.11–24, Uit.G.10–44, Uit.Q.12–27 (Noagas Hoogte) Uit.Q.7A–6, Springbok Vlackte No. 1 Uit.Q.12–8, Gorie Laagte Uit.Q.15–24, Paarden Laagte Uit.Q.16–42, (Blaauwbosch Kuil) Uit.F.10–30, Vaale Fontein Uit.Q.7A–8, Jan.Q.2–2, Koffielaagte Outspan Jan.Q.5–6, Gwaas Jan. Q.1–10, Request No. 2 Jan.Q.2–36, Vaalnek No. 41 Jan.Q.2–35, (Dwaas) Uit.Q.4–98, Lot 24 Brak Poort Som. Q.16–6, Dirks Kraal Som.Q.15–9, Klein Dirk's Kraal Som.Q.6–4, Klipfontein Som.Q.6–48, Olifantsbeen Som.Q.6–100, Olievenfontein Uit.F.3–3, Driefontein Som.Q.6–37, Stillefontein Som.Q.1–2, Oude Muragie Som.Q.1–1, Noodzakelyk Som.Q.8–14, Nooit Gedagt Som.Q.6–11, Vaalfontein Som.Q.18–6, Kopperfontein Som.Q.6–42, Bassons Kloof Som.A.6B–45, Lot No. 3 Alx.Q.4–19, Melkhoutboom Alx.Q.7–12, Alx.Q.1–26, G.G. Alx. Q.1–23, G.G., Nieuwe Post Uit.Q.5A–36, Thornleigh Alx.Q.3–23, Gorah Uit.F.7–6, Gorah No.1 Alx.F.1–4, Alva Alx.Q.4–21, Cuton Park Uit.Q.7–72, (Addo Heights) Uit.Q.5A–25, Buffels Hoek Alx.Q.4–14, Nanaga Hoogte Alx.Q.64, Platte Rug Uit.Q.9–5, Alx.Q.4–2, Zoekamma Alx.Q.3–18, Alx.Q.3–19, Uit.Q.9–3, volg daarvandaan die kuslyn en plaasgrense om die plase G.G. Ajd. (Melville), Uit.Q.6–50, (Sampson's Kraal) Uit.Q.8–32, Brakke Rivier alias The Aloes Uit.Q.6–49, Brak Rivier S/W. Uit.Q.17–15, Uit.Q.8–5, Grassridge No. 1 Uit.Q.17–17, Grassridge No. 2 Uit.Q.11–11, Grassridge No. 4 Uit.Q.16–39, Grassridge No. 5 Uit.Q.17–13, (Lot No. 659) Blaau Baatjes Vley Uit.Q.16–29, Grassridge No. 6 Uit.Q.17–7, (Elands Hoorn) Uit.Q.6–47, Wilge Rivier Uit.Q.4A–15, Paarde Kop Uit.F.13–5 en Vermaaks Kop Uit.F.13–6 in te sluit; volg daarvandaan 'n reguit lyn vanaf die noordwestelike baken van Lot A Mount Pleasant Uit.Q.18–7, wat die Elands Rivier Bosreservaat deurkruis tot by die noordwestelike grens van Groendale Uit.Q.13–4, en 'n bykomende reguit lyn na die gemeenskaplike grens van die plase Solitude Uit.Q.4–80 en Stilgenoeg Uit.Q.4–82 (die genoemde plase Lot A Mount Pleasant, Groendale en Solitude en die oostelike gedeelte van G.G. is buitekant die leweringsgebied gelegë); volg daarvandaan die plaasgrense om die plase Stilgenoeg Uit.Q.4–32, Uplands Uit.Q.19–21, Watershed Uit.F.11–25, Downton Uit.F.11–35, Watershed Uit.F.11–25, G.G. 234/1891, Geelhoutbosch Hv.Q.5–2, Uit.Q.22–5, Uit.Q.22–7, Uit.Q.22–3, Uit.Q.2–25, Vlakte Uit.Q.2–24 en Papies Fontein Uit.Q.2–23 in te sluit; volg daarvandaan die kuslyn weswaarts na die plaas 4475/47 tot by die beginplek.

Die gebied word op Gedeponeerde Plan C.E.U. Vel No. 1 aangedui.

*Verbruikers aan wie toevoer gegee mag word.*

7. Die Lisensiehouer is gemagtig om elektrisiteit te lewer en moet tot die mate van sy magtiging dit lewer aan enige verbruiker vermeld in Klousule 6 hiervan, onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(i) Die Lisensiehouer mag nie elektrisiteit aan enige persoon behalwe die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie vir kragdoeleindes lewer binne die regsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid nie, behalwe met die toestemming verleen by artikel 41 van die Wet: met dien verstande verder dat indien die regsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid tot in die leweringsgebied van die Lisensiehouer uitgebrei word of indien 'n nuwe stedelike plaaslike owerheid binne die leweringsgebied van die Lisensiehouer gestig word, die Raad by aansoek van die betrokke stedelike plaaslike owerheid en na verhoor van die vertoë van die Lisensiehouer, kan bepaal dat met ingang 'n datum wat die Raad vasstel en onderworpe aan sodanige beperkings en voorwaardes as wat die Raad in die omstandighede mag bepaal, voorafgaande bepaling in die hele of deel van die uitgebreide gebied of van die hele of deel van die regsgebied van die nuwe stedelike plaaslike owerheid geld.

(ii) Die Lisensiehouer mag nie elektrisiteit aan enige persoon behalwe die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie vir kragdoeleindes lewer of behalwe soos vermeld in die voorsieningsvergunning binne die leweringsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid soos van tyd tot tyd deur die Raad toegestaan, behalwe met die toestemming van daardie owerheid nie.

(iii) Behoudens die vergunning aan die Munisipaliteit Port Elizabeth verleen om Addo en Kirkwood te voorsien asook persone wat voorsien kan word vanaf die lyn wat dit die voornemens is om na Addo en Kirkwood te bou, mag die Lisensiehouer nie elektrisiteit aan enige persoon binne die leweringsgebied lewer nie aan wie die houer van 'n vergunning uitgereik deur die Raad voor die toekenning van hierdie Lisensie en op daardie datum van krag, geregtig is om te voorsien behalwe met die toestemming van sodanige houer.

*Staat van standaardpryse.*

8. Die standaardpryse wat die Lisensiehouer moet vra en die voorwaardes daaraan verbonde is dié vermeld in die Eerste Bylae by die Lisensie soos van tyd tot tyd ooreenkomstig die bepalings van die Wet gewysig of aangepas.

*Voorwaardes in verband met verbruikers se bedryfsuitrusting.*

9. Die algemene voorwaardes ten opsigte van die installering, uitrusting en gebruik van verbruikers se bedryfsuitrusting soos in die Tweede Bylae by die Lisensie uiteengesit, is op alle verbruikers van toepassing tensy andersins tussen die Lisensiehouer en die verbruiker ooreengekom of tensy andersins deur die Raad beveel of toegestem.

## EERSTE BYLAE.

## STAAT VAN STANDAARDPRYSE.

### WOORDBEPALINGS.

1. Vir die doel van hierdie Bylae het die volgende woorde en sinsnedes die betekenisse wat hierin aan hulle toegewys word:—

„ Maksimum aanvraag " beteken die hoogste belasting wat die Lisensiehouer gedurende enige tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende minute in die maand aan die verbruiker lewer, gemeet in kilovolt ampère of ampère soos die sinsverband mag vereis.

Vir die doel van TARIEF (B) in Klousule 2 van hierdie Bylae is die aanvraag in ampère die totaal van die ampère in elk van die fases wat vir die toevoer aan die verbruiker gebruik word.

„ Maand " beteken die tydperk tussen maandelikse meterlesings ongeag of sulke lesings op die laaste dag van die kalendermaand geneem word al dan nie.

„ Aangemelde maksimum aanvraag " beteken—

(i) die maksimum aanvraag skriftelik deur die verbruiker aangemeld en deur die Lisensiehouer aanvaar as die maksimum aanvraag wat die verbruiker verlang dat die Lisensiehouer op aanvraag moet kan lewer; *plus*

(ii) enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag vermeld in (i) hierbo, skriftelik van tyd tot tyd deur die verbruiker aangemeld met redelike kennisgewing daarvan en deur die Lisensiehouer aanvaar; met dien verstande dat sodanige vermeerdering nie deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag ten opsigte waarvan 'n prys ingevolge hierdie Bylae gevra kan word voor die datum waarop die Lisensiehouer in 'n posisie verkeer om in die behoeftes van die verbruiker in hierdie opsig te voorsien of die datum waarop die Lisensiehouer ingevolge die aanmelding in sodanige verhoogde maksimum aanvraag, na gelang van welke die laaste datum is, moet voorsien nie; *plus*

(iii) enige vermeerdering in die maksimum aanvraag bokant die aangemelde maksimum aanvraag wat dan van krag is, geneem deur en voorsien aan die verbruiker; met dien verstande dat in elke geval waar kennis van enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag nie gegee word nie en die Lisensiehouer die verbruiker in kennis stel dat sodanige vermeerdering of enige deel daarvan nie tot 'n toekomstige datum as op aanvraag vir die verbruiker beskikbaar beskou kan word nie, sodanige vermeerdering of deel nie tot sodanige toekomstige datum deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag ten opsigte waarvan 'n prys ingevolge hierdie Bylae gevra mag word nie.

„ Kamer " het onderworpe aan die voorbehoude by hierdie woordbepaling die volgende betekenisse:—

(*a*) In die geval van 'n private woonhuis en in die geval van 'n losieshuis of hotel met agt of minder slaapkamers, elke ingeslote kamer in sodanige woonhuis, losieshuis of hotel met inbegrip van ingeslote verandas bedraad vir die gebruik van elektrisiteit en enige afgesonderde kamer op sulke persele wat as 'n woonkamer gebruik mag word en bedraad is vir die gebruik van elektrisiteit maar uitgesonderd enige deel van die persele wat as 'n kombuis, spens, opwaskamer, badkamer, ope veranda, gang, retirade, kleedkamer, motorhuis, gebruik word en ook uitgesonderd ingeslote verandas en voorportale indien die kleinste afmeting van sodanige verandas en voorportale nie meer as 9 (nege) voet is nie.

(*b*) In die geval van 'n kantoor, winkel, magasyn, hospitaal en in die geval van 'n losieshuis of hotel met nege of meer slaapkamers of soortgelyke persele, elke oppervlakte van 200 (tweehonderd) vierkante voet of breuk van sodanige oppervlakte verkry deur die vierkantvoetgrootte van die vloeroppervlakte van die persele deur 200 (tweehonderd) te verdeel.

(*c*) In die geval van 'n motorhawe, werkwinkel, pakhuis, skool, saal, kerk of soortgelyke persele, 'n vloeroppervlakte wat deur die Lisensiehouer bepaal moet word en wat minstens 200 (tweehonderd) vierkante voet groot moet wees.

(*d*) In die geval van—

(i) persele (byvoorbeeld plase en landgoed) met buitegeboue soos skure, stalle, pakskure, koeistalle, melkkamers, motorhuise en diesulkes;

(ii) persele wat uitgebreide buitebeligtingsbehoeftes het (byvoorbeeld spoorwegstasies en sportterreine);

(iii) toevoer benodig vir reklametekens; en

(iv) enige spesiale doeleindes;

sodanige aanslag vir die doeleindes van die „ kamerprys " as wat die Lisensiehouer in die omstandighede mag maak.

Ten einde die vloeroppervlakte van enige vermelde persele te bepaal kan die Lisensiehouer die vloeroppervlakte bereken met betrekking tot die buitemate van die persele in welke geval die vloeroppervlakte vir die doel van hierdie Bylae die aldus berekende oppervlakte is min 10% (tien persent) daarvan.

„ Eenheid " beteken 'n kilowatt-uur.

### STANDAARDPRYSE.

2. (1) Die standaardpryse wat die Lisensiehouer kan vra vir die voorsiening van elektrisiteit is, onderworpe aan die bepalings van die Wet en van hierdie Lisensie, soos volg:—

TARIEF (A): GROOTKRAGGEBRUIKERS.

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 (vyf-en-twintig) kilovolt ampère of meer van driefasige wisselstroom is teen 'n frekwensie van 50 (vyftig) hertz en 'n nominale spanning van 11,000 volt of sodanige spanning as waarop ooreengekom mag word, is daar—

(*a*) 'n diensprys van R6.80 (ses rand tagtig sent) per maand; hierdie prys is betaalbaar hetsy enige elektrisiteit geneem word al dan nie: *plus*

(*b*) 'n aanvraagprys teen die koers van R2.05 (twee rand vyf sent) per maand vir elke kilovolt ampère van die maksimum aanvraag in die maand gelewer; met dien verstande dat indien die verbruiker nie gedurende die maand enige toevoer neem of indien die maksimum aanvraag wat die verbruiker in die maand neem minder as 70% (sewentig persent) van die aangemelde maksimum aanvraag is wat dan van krag is, die Lisensiehouer geregtig is om ingevolge paragraaf (*b*) van hierdie Tarief te vra vir 70% (sewentig persent) van genoemde aangemelde maksimum aanvraag: *plus*

(*c*) 'n energieprys teen die koers van 0·445c (desimaalpunt vier vier vyf van 'n sent) vir elke eenheid in die maand gelewer; met dien verstande dat aangesien genoemde eenheidprys gebaseer is op 'n energieprys van 0·339c (desimaalpunt drie drie nege van 'n sent) per eenheid wat die Munisipaliteit Port Elizabeth van die Lisensiehouer vra, dit van tyd tot tyd op die volgende manier aangepas moet word:—

Die Lisensiehouer moet die gemiddelde energieprys per eenheid wat hy betaal vasstel vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember en indien die energieprys vir die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande van voorgenoemde basiese prys van 0·339c (desimaalpunt drie drie nege van 'n sent) verskil met 'n bedrag wat minder as 0·004c (desimaalpunt nul nul vier van 'n sent) is, is die eenheidprys in die tarief wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde koers van 0·445c (desimaalpunt vier vier vyf van 'n sent) per eenheid; maar indien genoemde gemiddelde prys met 0·004c (desimaalpunt nul nul vier van 'n sent) of meer van die basiese prys verskil, is die eenheidprys wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word, genoemde prys van 0·445c (desimaalpunt vier vier vyf van 'n sent) vermeerder of verminder met 0·005c (desimaalmpunt nul nul vyf van 'n sent) vir elke volledige verhoging of verlaging van 0·004c (desimaalpunt nul nul vier van 'n sent) in genoemde gemiddelde prys bokant of onderkant die basiese prys.

TARIEF (B): KLEIN KRAGGEBRUIKERS.

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag selde meer as 50 (vyftig) kVA. en nooit meer as 75 (vyf-en-sewentig) kVA. is nie, beskikbaar gestel teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, vir gebruik as dryfkrag of vir verwarming of vir elektro-chemiese prosesse is daar—

(*a*) 'n diensprys van R1.00 (een rand) per maand, hierdie prys is betaalbaar hetsy elektrisiteit geneem word al dan nie; *plus*

(*b*) 'n aanvraagprys teen die koers van 20c (twintig sent) vir elke volledige ampère van die maksimum aanvraag in die maand gelewer; met dien verstande egter dat die Lisensiehouer geregtig is om nie minder as die minimum prys te vra vir die meterinstallasie wat dan vir die verbruiker se toevoer geïnstalleer word nie, d.w.s.—

| *Meterinstallasie om maksimum aanvraag te meet van.* | *Minimum koste.* |
|---|---|
| Minder as 17 ampères | R0.60 |
| Vanaf 17 tot 24 ampères | R0.90 |
| Vanaf 25 tot 33 ampères | R1.20 |
| Vanaf 34 tot 49 ampères | R1.80 |
| Vanaf 50 tot 66 ampères | R2.40 |
| Vanaf 67 tot 99 ampères | R3.60 |
| Vanaf 100 tot 132 ampères | R4.80 |
| Vanaf 133 tot 198 ampères | R7.20 |
| Vanaf 199 tot 297 ampères | R10.80 |
| Oor 297 ampères | R14.40 |

*plus*

(*c*) 'n energieprys teen die koers van 0·9c (desimaalpunt nege van 'n sent) vir elke eenheid in die maand gelewer; met dien verstande dat aangesien genoemde eenheidprys gebaseer is op 'n energieprys van 0·339c (desimaalpunt drie drie nege van 'n sent) per eenheid wat die Munisipaliteit Port Elizabeth van die Lisensiehouer vra, dit van tyd tot tyd op die volgende manier aangepas moet word:—

Die Lisensiehouer moet op die gemiddelde energieprys per eenheid wat hy betaal, vasstel vir elke tydperk van drie maande tot die end van Maart, Junie, September en Desember en indien die energieprys vir die onmiddellik voorafgaande tydperk van drie maande van voorgenoemde basiese prys van 0·339c (desimaalpunt drie drie nege van 'n sent) verskil met 'n bedrag wat minder as 0·016c (desimaalpunt nul een ses van 'n sent) is, is die eenheidprys in die tarief wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word genoemde koers van 0·9c (desimaalpunt nege van 'n sent) per eenheid; maar indien genoemde gemiddelde prys met 0·016c (desimaalpunt nul een ses van 'n sent) of meer van die basiese prys verskil, is die eenheidprys wat in die daaropvolgende tydperk van drie maande toegepas moet word genoemde prys van 0·9c (desimaalpunt nege van 'n sent) vermeerder of verminder met 0·02c (desimaalpunt nul twee van 'n sent) vir elke volledige verhoging of verlaging van 0·016c (desimaalpunt nul een ses van 'n sent) in genoemde gemiddelde prys bokant of onderkant die basiese prys.

TARIEF (C): VERLIGTING- EN HUISHOUDELIKE GEBRUIKERS.

Verligting- en huishoudelike gebruikers het die keuse van Tarief (B) of die volgende Tarief (C):—

Vir 'n toevoer aan persele ten opsigte waarvan 'n „ kameraanslag " gemaak is of gemaak kan word:—

*Alternatief (a)—Enkelskaaltarief.*

(i) 'n Diensprys van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie prys is betaalbaar hetsy elektrisiteit geneem word al dan nie: *plus*

(ii) 'n prys teen die koers van 7·5c (sewe desimaalpunt vyf sent) per eenheid in die maand gelewer; hierdie prys of 32 sent na gelang van welke die grootste is, is betaalbaar hetsy enige elektrisiteit geneem word al dan nie.

*Alternatief (b)—Kamertarief.*

(i) 'n Diensprys van 55c (vyf-en-vyftig sent) per maand; hierdie prys is betaalbaar hetsy elektrisiteit geneem word al dan nie: *plus*

(ii) 'n prys van 32·5c (twee-en-dertig desimaalpunt vyf sent) per kamer per maand onderworpe aan die absolute minimum van die prys vir een kamer: *plus*

(iii) 'n energieprys teen die koers van 0·9c (desimaalpunt nege van 'n sent) vir elke eenheid in die maand gelewer; met dien verstande dat aangesien genoemde prys gebaseer is op 'n energieprys van 0,339c (desimaalpunt drie drie nege van 'n sent) per eenheid wat die Munisipaliteit Port Elizabeth van die Lisensiehouer vra dit van tyd tot tyd aangepas word op die manier uiteengesit in die tweede paragraaf van (*c*) van Tarief (B).

2. Indien die aanvangsdatum of die beëindigingsdatum van enige toevoer sodanig is dat die toevoer vir slegs 'n deel van die maand beskikbaar is, word enige diensprys, aanvraagprys of 'n maandelikse minimum prys wat die Lisensiehouer ingevolge subklousule (1) hiervan vra, bereken op 'n verhoudelike basis vir die deel van 'n maand van dertig dae waarin die toevoer beskikbaar is.

*Straatverligting.*

3. Waar die Lisensiehouer 'n toevoer verskaf en in stand hou vir enige straatverligting of soortgelyke openbare verligting, word spesiaal tussen die Lisensiehouer en die verbruiker ooreengekom op die prys vir sodanige toevoer en diens.

*Pryse maandeliks betaalbaar.*

4. Alle pryse wat 'n verbruiker ingevolge hierdie Bylae moet betaal is maandeliks betaalbaar.

*Spesiale pryse vir gelewerde dienste.*

5. Die Lisensiehouer kan spesiale pryse vra vir dienste aan die verbruiker gelewer ten opsigte van die voorsiening van hoofstroombane, die installering van toerusting in die verbruiker se substasie, vir die afneem van enige spesiale meterlesings, vir heraansluiting van die toevoer na afsluiting (i) of op versoek van die verbruiker of (ii) vir versuim deur die verbruiker om sy verpligtings na te kom en vir spesiale werk wat die Lisensiehouer vir die verbruiker gedoen het.

*Verandering van standaardpryse.*

6. Waar 'n verbruiker op sy versoek van elektrisiteit teen 'n ander nominale spanning voorsien word as die nominale spanning uiteengesit in die onderskeidelike tariewe hierin of in die geval van verbruikers in buiteliggende gebiede of in klein of dunbevolkte gebiede of in die geval van toevoerskemas vir boere of in enige ander omstandighede waarvoor in artikel 29 van die Wet voorsiening gemaak word, kan die Lisensiehouer die pryse voorgeskryf in hierdie Bylae verander of bogenoemde minimum pryse of albei ooreenkomstig die Wet verander.

## TWEEDE BYLAE.

## ALGEMENE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN DIE INSTALLERING, UITRUSTING EN GEBRUIK VAN VERBRUIKERS SE BEDRYFSUITRUSTING.

(1) Die apparaat van die verbruiker moet goed ontwerp en gebou wees, behoorlik deur die verbruiker geïnstalleer en instandgehou, en moet in alle opsigte voldoen aan enige statutêre of ander regulasies of verordeninge van tyd tot tyd van krag ten opsigte van die gebruik van elektrisiteit. Die bedrading van die verbruiker se persele moet uitgevoer word ooreenkomstig die Standaardregulasies van die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs (Geregistreer), soos van krag of van tyd tot tyd gewysig, vir die bedrading van persele.

(2) Die verbruiker moet indien en wanneer die Lisensiehouer dit van hom verlang, 'n substasie waar nodig van 'n ontwerp en in 'n posisie tot die redelike goedkeuring van die Lisensiehouer verskaf en in stand hou. Onderworpe aan die toestemming van die verbruiker wat nie onredelik weerhou mag word nie, kan die Lisensiehouer die substasie en die apparaat van die Lisensiehouer daarin saam met die algemene toevoer gebruik.

(3) Die verbruiker moet doeltreffende skakeltuig en apparaat tot die goedkeuring van die Lisensiehouer verskaf vir die beveiliging, van die apparaat van die Lisensiehouer en die installasie van die verbruiker teen oorbelasting, foute en weerlig op die verbruiker se installasie.

(4) Die verbruiker moet die toevoer so gebruik dat dit nie 'n doeltreffende en ekonomiese toevoer aan ander verbruikers belemmer nie.

(5) In die geval dat 'n verbruiker nie enige van die voorafgaande voorwaardes nakom nie kan die Lisensiehouer die toevoer staak maar die toevoer word herstel sodra die oorsaak van staking reggestel is.

## DRAFT ADVERTISEMENT.

## ELECTRICITY CONTROL BOARD.

Notice is hereby given that a Licence which has been cited as the CAPE EASTERN LICENCE, 1963, was granted by the Board to the ELECTRICITY SUPPLY COMMISSION on the 19th day of February, 1963, in the terms set out in the Annexure hereto, and the deposited plan C.E.U. Sheet 1, Rev. 1, referred to therein.

P. S. RAUTENBACH, Chairman,
Electricity Control Board.

## ANNEXURE.

CAPE EASTERN LICENCE, 1963.

(Granted to Electricity Supply Commission by the Electricity Control Board under the Electricity Act, 1958, for the supply of electricity from an Undertaking established in certain areas of the Eastern Cape Province.)

*Licence Issued Under the Electricity Act, 1958.*

1. This Licence, which may be cited as the " Cape Eastern Licence, 1963," is issued under and subject to the provisions of the Electricity Act, 1958, and the regulations in force thereunder, or any modification or amendment of the said Act or regulations.

*Definitions.*

2. The expressions used in this Licence, shall, unless inconsistent with the context, have the same meanings as those assigned to them in the Electricity Act, 1958:—

" Act " means the Electricity Act, 1958 (Act No. 40 of 1958), or any modification or amendment thereof, and includes the regulations in force thereunder;

" Board " means the Electricity Control Board constituted under section 22 of the Act;

" Licensee " means the Electricity Supply Commission constituted under section 1 of the Electricity Act of 1922 (Act No. 42 of 1922), whose Head Office is at Escom Centre, 204 Smit Street, Johannesburg.

" Deposited Plan " means the plan or plans deposited with the Board on the application for this Licence and identified by the signature of the Chairman of the Board and the plan or plans deposited on any application for amendment of this Licence, which additional plans shall be similarly identified.

*Granted Licence.*

3. The Licensee is licensed to carry on an Undertaking for the supply of electricity under the Act in the *Eastern Cape Province* within the area defined in Clause 6 hereof, and may for that purpose purchase or obtain electricity from the Municipality of Port Elizabeth and the Department of Water Affairs' hydro-electric station in the Gamtoos River Valley.

*Plant and Equipment.*

4. The Undertaking to be carried on under this Licence shall comprise the transmission lines, substations and other plant and works either outside or within the area of supply necessary for obtaining a supply of electricity from the Port Elizabeth Municipality and from the hydro-electric generating plant of the Department of Water Affairs at the dam at the head of the Gamtoos River Valley, together with all plant, machinery and apparatus, transmission lines, substations and other plant and equipment, buildings and works required for, or incidental to the supply of electricity to consumers of the Undertaking.

*Extension or Enlargement of Works at Present Undertaken.*

5. The Licensee may add to, alter or enlarge the works comprising this Undertaking.

*Area of Supply.*

6. The area in which the Licensee may supply electricity shall be the area bounded by and including the following farms and by the further boundaries defined herein, namely—

